K23 G. Marcus

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

K.12.3 VOL. 459 PG. 27 126 - 27 194.

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-09-08

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - - -

VOLUME 459

(Bladsye 27 126 tot 27 194 )

THE COURT RESUMES ON 8 SEPTEMBER 1988

MR CHASKALSON: There are two matters I would like to deal with. First, could I ask your lordship to amend bail conditions concerning accused no.7?

COURT: I place on record the following in respect of accused no.7. In accordance with paragraph 2 of the conditions of bail, accused no.7, Tsietsi David Mphuthi, is granted permission to visit Sebokeng during the period 9 September 1988 to 11 September 1988 for the purpose to visit his ill mother and aunt, subject to the following conditions:

1. He reports at the police station as set out in the conditions of bail, on 9 September 1988 immediately before leaving for Sebokeng.
2. He reports to Sebokeng police station immediately on arrival in Sebokeng and between 06h00 and 09h00 and between 18h00 and 21h00 on 10 September 1988; between 06h00 and 09h00 and immediately before his departure from Sebokeng on 11 September 1988.
3. He reports at the police station between the hours set out in the conditions of bail.
4. During his visit to Sebokeng he limits his movements to 11826, zone 7, 11956, zone 7, Sebokeng, and the Sebokeng police station.
5. All other conditions of bail stand and are to be strictly adhered to.

MR CHASKALSON: Yes, m'lord, the second matter concerns the issue of dates of document. Now your lordship seemed yesterday to be under an incorrect impression concerning the circumstances in which the admissions were agreed to and how the issue concerning dates arose, and I think in fairness to every-

body / ..

body concerned I should make clear exactly what happened. First when the question of admissions arose, we asked the state to reduce to writing the admissions that they required. I have the document under which that was done. They reduced to writing what they asked us to agree to; they did not include in any of the written documents put up to us, any information concerning dates; nor was any request made to us to agree upon dates. After the documents, the state's written documents had been handed to us, discussions took place between Mr Tip and Mr Fick. Those discussions concerned certain matters contained in the written documents placed before us. They were not concerned at all with date because date was never a matter in regard to which we were asked to agree anything at all. The inventories were produced because they showed the places where documents were found. In many instances it was not easy because documents, the inventories referred to a file and quite a lot of work had to be done in order to ascertain what was in the file and we had to accept the good faith of certain of the information which was put before us at the time which was done, and finally as a result of those discussions the amendments in the form in which they were presented to the court were produced. The question of date arose for the very first time during the course of the defence case. Your lordship raised the question of date, and at that stage Mr Bizos I understand indicated that his attitude was that the defence was not obliged to take any initiative, it was up to the state to prepare and follow up anything that it wanted to do.

COURT: Could I have that reference, please?

MR (30

can / ..

can get it for you, m'lord. We will be able to find it.

COURT: It is our recollection in any event.

MR CHASKALSON: But I can find the passage, Mr Bizos tells me that that is what happened and I have a very clear recollection myself of having seen it at one stage. I cannot now recollect the exact words which were used. The state chose not to follow it up. The next time that the matter arose was during argument.

COURT: But could the state follow it up?

MR CHASKALSON: It could have done exactly what it has done now. Your lordship said that the state should have prepared, that the parties have got to reach agreement on this, the state could have produced the information that it produced last week to us to say these are the dates which we want you to agree, these are the inventories, please reach agreement. It did not. It was only during the course of argument that your lordship raised it again, that the state then produced for the first time..

COURT: Sorry, Mr Chaskalson, you raised it because you mentioned that the question of dates were still uncertain and I had been up to that stage under the impression that if a document was agreed upon, it was agreed upon that it was a relevant document, that means therefore that it was found within the period of the indictment or whatever it is. The moment you raise it as an uncertainty I feel I am duty bound to clear it up.

MR CHASKALSON: No, I am not - your lordship misunderstands me. I am not suggesting your lordship is not entitled to call for evidence on an issue which your lordship considers to be material. I understood your lordship to..

COURT: I am not very much concerned how the - if it is a misunderstanding or no misunderstanding how it came about, it is merely a matter of how we do we solve the problem.

MR CHASKALSON: It is not a question of misunderstanding at all. It is quite clear how it all happened. You lordship seemed yesterday to imply that an agreement had been reached somehow or other that that agreement which had been reached that the defence was seeking to take advantage of something which had not been properly recorded in writing. That is what your lordship said yesterday and in fairness to everybody the records needs to be put right.

COURT: That is accepted. Now having accepted that, how do we solve the problem?

MR CHASKALSON: We solve the problem because the state has given us a document with the dates on them. We accept the good faith of the state here. It does not seem to me from looking through the date, the dates seem accurate insofar as we are able to tell. Obviously we are not in a position now to go to everybody whose name appears..

COURT: Yes, are the dates supposed to be from the inventories?

MR CHASKALSON: The state has prepared dates which have been taken from the inventories which seem to us to be accurate it seems to us also that not much is going - that nothing of any moment is going to turn on it and we are prepared to accept that. I must tell your lordship it is not information which we can get for the accused or for anything else but we are accepting the good faith of the state and we accept that to be so. So what we are prepared to do now is to place before your lordship the dates which the state has written

onto these documents and to accept those as the dates of finding. I understand that at the moment there is only one copy available. The request that is made to you is that after it has been recorded that it be handed back to the state so that they can make copies for your lordship's assessor.

COURT: It will go in as AAS..

MR CHASKALSON: It seems to have a note AAO..Yes, I will tell you what has happened m'lord. On AAS.4 the state has written in handwriting dates and to save unnecessary documention your lordship may wish to substitute it as AAS.4 or call it - it is exactly..perhaps I should hand it up. If I were to hand it up your lordship would know how best to deal with it.

COURT: Yes we will take it in AAS.4(A). (A) stands for "amended".

MR CHASKALSON: Yes, it has handwritten dates alongside it.

COURT: I see it is marked AAS.8.

MR CHASKALSON: I see it was probably done by the state in anticipation of what it..

COURT: And it further states that it amends AAS.5 so we had better give it an entirely new number.

MR CHASKALSON: Perhaps Mr Fick can explain it to your lordship.

MR FICK: Dit is die oorspronklike erkennings wat die verdediging gemaak het. Die een is 'n gewysigde erkenning en al wat ons gedoen het - dit is twee. Die een dokument handel met bewysstukke wat gekry is by plekke wat nie - persone wat nie beskuldigdes is nie, terwyl die ander dokument handel met dokumente wat uitsluit by beskuldigdes gevind is, daarom het hulle twee verskillende nommers. Al wat ons gedoen het is om teenoor elke dokument sy datum te skryf.

HOF: U het dus basies op AAS.5 die datums ingeskryf en op AAS.8 het u..

MNR FICK: Ook die datums ingeskryf.

HOF: Het u die datums ingeskryf.

MNR FICK: Dit is al wat ons gedoen het.

HOF: Dan word dit AAS.5(A) en AAS.8(A).

MNR FICK: Kan ons net verneem, kan ons dit terugkry om vir die geleerde assessor 'n afskrif te maak?

HOF: Ja, dit word aan u teruggegee en dit word so genotuleer. Ja, mnr Jacobs?

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ek wil handel met dokumentêre bewys. Dit is ons submission dat toelating van dokumentêre bewysmateriaal in strafsake het sy oorsprong in die reëls van bewysreg rakende die hoorsêgetuienisreël en in dié verband wil ons aanhaal wat in die appèlhof hieroor gesê is in die saak van R v Muller 1939 (A) 106 en op 119. Die aanhaling is die volgende:

> "But the statements made by non-witnesses are not always hearsay. Whether or not they are hearsay depends upon the purpose for which they are tendered as evidence. If they are tendered for the testimonial value (that is, as evidence of what they assert) they are hearsay and are excluded because their truth depends upon the credit of the asserter which can only be tested by his appearance in the witness-box. If, on the other hand, they are tendered for their circumstansial value, they prove something other than the truth of what is asserted. Then they are admissible if what they are tendering to proof is relevant to the inquiry."

Nou dit is ons submissie dat uit hierdie aanhaling van die

appèlhof/..

appêlhof tree twee belangrike beginsels op die voorgrond. Die eerste is ŉ dokument wat aangebied word om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys word uitgesluit as getuienis op grond van die hoorsêgetuienisreël. En die tweede is ŉ dokument wat aangebied word om iets anders as die waarheid van die inhoud daarvan te bewys dan is dit toelaatbaar. Nou die regsbeginsel wat geld ten opsigte van die tweede beginsel stel volgens ons respekvolle submissie in werklikheid die gemeenregtelike posisie en in dié verband wil ek verwys na die saak van Waintraub v Oxford Brickworks (Pty) Ltd 1948 1 SA 1 090 (T) op 1 093 en dan is daar ook ŉ verdere gesag oor hierdie selfde punt in Smith v Strydom 1953 2 SA 799 (T) op 805-806. ŉ Aanhaling uit die eerste saak is:

> "A letter is only evidence of the fact that it was written by the person who wrote it, and that that person said what the letter contains. It is not evidence that what he said in the letter is true."

En dit soos ons sê is weer ŉ bevestiging van die gemeenregtelike posisie waar die dokument toegelaat word en ons submissie is dit is ook wat die verdediging betoog het, as die betekenis wat hierdie agbare hof moet gee of die waarde wat hierdie hof moet heg aan enige dokumente wat toegelaat was onder artikel 69 of artikel - artikel 69(4) van die Veiligheidswet of artikel 2, gedeeltelik van artikel 246 van Wet 51 van 1977. Nou dit is opmerk dat die verdediging nooit ŉ argument probeer het om betekenis te gee aan die woorde in artikel 246 van Wet 51 van 1977 en ek haal die woorde aan in artikel 246(c) en van die verrigtinge daarby in daardie artikel want dit sou volgens die artikel bewys lewer van die verrigtinge by so ŉ vergadering.

HOF: Laat ons nou net - lees net vir my die hele artikel, asseblief.

MNR JACOBS: Dit is alles deurmekaar, edele. Kan die hof my net 'n oomblik vergun voor ek daar verder deurmekaar raak. Ek sal die artikel lees, ek sal die hele artikel 246 inlees.

HOF: Eintlik was ek net geïnteresseerd in daardie besondere sinsnede waarin daardie woorde voorkom.

MNR JACOBS: Goed, ek sal - dit is 246(c):

"Waaruit dit op die oog blyk dat dit die notule.."

HOF: Nee, hoe begin die artikel?

MNR JACOBS: Ja, 'n dokument met inbegrip van 'n boek, 'n pamflet..

HOF: Ja, al die dokumente, ja.

MNR JACOBS: Dan (c):

"..waaruit dit op die oog blyk dat dit die notule of 'n afskrif van of 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering van daardie vereniging of 'n komitee daarvan is, is bly blote voorlegging daarvan deur die vervolging by strafregtelike verrigtinge prima facie bewys van die hou van so 'n vergadering en van die verrigtinge daarby."

HOF: Ja.

MNR JACOBS: Van die hou van die vergadering en dan die tweede is van die verrigtinge daarby.

HOF: In ander woorde wat daar gebeur het.

MNR JACOBS: Wat daar gebeur het, ja. Net so is dit ook dat ten aansien van artikel 246(d) is daar ook nie vir hierdie hof gevra om enige betekenis te heg aan die - en ek sal ook dié artikel lees, sub-artikel, dat 'n dokument ensovoorts wat op die oog af 'n oogmerk van daardie vereniging openbaar as by die blote voorlegging daarvan deur die vervolging by 'n strafregtelike verrigtinge prima facie bewys dat bedoelde

oogmerk 'n oogmerk van daardie vereniging is. Nou die eerste proposisie supra, dit is die bewys van die waarheid van die inhoud van die dokument waar ons gesê het dat die gemene reg gestel in die saak wat ons aanvanklik aangehaal het, daardie proposisie waar dit gaan oor die bewys van die waarheid van die inhoud van die dokument, dit verg natuurlik besondere aandag in hierdie saak en daarom, omdat hoorsêgetuienis toelaatbaar is het daar ontwikkeling ontstaan op die hoorsêreël, om in sekere gevalle die waarheid van die inhoud van so 'n dokument te bewys nieteenstaande die reël van die gemene reg en soos vasgelê deur die appèlhof.

HOF: U sê statutêre ontwikkeling?

MNR JACOBS: En ook gemene reg, edele. En die ontwikkeling het ontstaan om die hoorsêreël uit te brei statutêr en gemeenregtelik sodat die waarheid van die inhoud van die dokument in sekere gegewe gevalle bewys word of dat sekere spesifieke gevalle wat die wetgewer uitgesonder het daardeur bewys word. En in hierdie gevalle was deur die wetgewer 'n veiligheidsklep gebou in die artikel waar daar uitsonderings toegepas was, en die belangrike veiligheidsklep wat toegepas word is die feit dat die wetgewer die uitsonderings wat deur die wette geskep word toelaat as prima facie bewys van sekere feite of totale inhoud. Die party teen wie dit aangewend word het nog altyd die weg oop om getuienis aan te bied om te bewys dat daardie prima facie getuienis nie die werklikheid weerspieël nie.

Nou ook in die gedagte van - ons het reeds hierdie aanhaling aan die hof aangehaal van Ex parte Minister van Justisie in re Jacobson and Levy 1931 (A) 466 op 478. Ek haal net een kort sin daaruit want die aanhaling het ons reeds volledig

gegee/..

gegee maar ek wil net hierdie beklemtoon waar die appèlhof bevind het dat wat met prima facie getuienis bedoel word is dat dit prima facie "proof of an issue" is en die aanvaarding van die beginsel van prima facie bewys is volgens ons respekvolle submissie alreeds 'n openbaring van die ware bedoeling van die wetgewer om juis die hoorsêreël uit te brei en is dit ons submissie dat dit gaan alreeds, juis hierdie feit gaan deur die verdediging se argument dat die dokumente net waarde het dat iemand so 'n dokument geskryf het en dat iemand soiets in 'n dokument gesê het. Die wetgewer se bedoeling is om prima facie verder as dit te gaan en juis die hoorsêreël uit te brei hierso; en is ons submissie dat die bedoeling van die wetgewer is juis om uitsonderings op die hoorsêreël te skep. Dit is ons submissie dat volgens die reëls van wetuitleg of uitleg van statute bestaan die vermoede dat die wetgewer die bestaande reg ken, die wetgewer is vertroud met die bovermelde gemeenregtelike beginsel dat 'n dokument bewys dat dit geskryf was deur 'n persoon en dat daardie persoon gesê het wat in daardie dokument staan maar dat dit nie bewys is van die waarheid van die inhoud daarvan nie. En as dit die geval is, dan is ons submissie dit kan sekerlik nie die bedoeling van die wergewer gewees het om die gemene reg voor te skryf en te kodifiseer in beide artikels 246 en 69(4) as uitsonderings op die hoorsêreël en te bepaal dat dit sal wees prima facie want dit is in wese wat die verdediging se argument is en dan te bepaal dat dit dien as prima facie bewys van die bestaande gemene reg en dit is met alle respek, sal dit 'n absurditeit wees. Die bestaande reg is dat dit staan vas dit is die geval. Hoekom sal die wetgewer nou gaan en 'n artikel in 'n wet gaan inskryf, nou stel dat hierdie dokument

bewys /..

bewys prima facie die gemene reg want dit is waarop die argument neerkom as 'n mens daarop let dat die artikel so uitgelê moet word dat dit net beteken dat iemand het so 'n dokument geskryf en as dit is wat die wergewer daar bedoel dan beteken dit met respek dat die wetgewer skryf en kodifiseer die gemene reg oor as prima facie bewys en dit kan tog nie die bedoeling wees nie en dit lei eintlik tot 'n absurditeit in ons respekvolle submissie.

En dit is ons respekvolle submissie dat die wetgewer wat vertroud is met die gemene reg juis doelbewus gegaan het om die gemene reg te wysig en dit is die waardebedoeling van die wetgewer waar hy inskryf dat dit prima facie bewys is van 'n "issue". Nou as 'n mens kyk na die geskiedenis van die ontwikkeling op regsgebied ten aansien van die uitsonderings op die hoorsêreël dan is dit ons respekvolle submissie dat daar oorweldigende gesag en bewys daarvoor is dat die wetgewer juis bekend is, synde bekend is met die bestaande reg en dit wou verander het.

HOF: Kan ek net daar pouseer. Daar is 'n nuwe wet oor hoorsê of net 'n bewyslewering wat op die statuutboek staan maar nog nie finaal afgekondig is by wyse van kennisgewing nie. Wat gebeur as daardie afkondiging kom voordat ek uitspraak lewer nadat julle my toegespreek het? Wat maak ek dan?

MNR JACOBS: Dan sal 'n mens seker - dit hang af van wanneer af die wet..

HOF: Hy het geen datum waarop hy in werking sal tree nie. Die kennisgewing, gestel nou die kennisgewing sê die wet word hierby in werking gestel - punt.

MNR JACOBS: Sal dit nie in daardie geval wees dat alles is voor die hof geargumenteer, die hof het dit reeds gehad,

dit / ..

dit is net 'n kwessie van die hof gee van gebeure voor die inwerkingtreding van daardie wet betekenis.

HOF: Wel, dit mag wees dat 'n mens die volgende denkrigting kan volg en dit is dat wette wat te doen het met die proses terugwerkend is in dié sin dat dit hangende prosesse tref, dat hierdie dan nog nie 'n proses is wat voltooi is nie maar die voltooiing daarvan is eers by uitspraak en dat dit juis dié saak tref?

MNR JACOBS: Ek dink in daardie geval sal 'n mens 'n behoorlike studie moet maak om te sien hoe presies daardie..

HOF: Ja, miskien moet ons almal maar hoop dat hy nie van toepassing gemaak word nie anders gee dit nog 'n verdere komplikasie af in hierdie saak.

MNR JACOBS: In daardie geval sal ek dink dat dit sal nodig wees dat ons weer - die hof sal die hele ding moet uitstryk, heeltemal 'n diepgaande studie daarvan maak en ingaan om te kyk wat is die werklike bedoeling dan en wat moet dan gedoen word in daardie geval.

HOF: Anders kan dit op hierdie basis gelaat word dat indien dit so is dat die ongelukkigheid ons tref, dan moet albei kante asseblief vir my hoofde oor daardie gebeurlikheid inhandig.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag.

HOF: Ons hoop maar dit gebeur nie.

MNR JACOBS: Ons hoop so. Dit is dan soos ek sê die geskiedkundige ontwikkeling op die regsgebied ten aansien van die uitsonderings op die hoorsêreël bied oorweldigende ondersteuning vir ons argument en ook stawing daarvoor dat die wetgewer toe hy wat aan hom bekende gemenereg gewysig het en ook in die howe waar dit vir doelmatigheidsredes toegepas was

dat / ..

dat dit gedoen was juis om die hoorsêreël uit te brei - nie uit te brei nie, te beperk en die uitsonderings daarop uit te brei. Nou ons het 'n klompie voorbeelde wat ons graag wil aanhaal, edele. Die eerste is dat verklarings deur gestorwenes, 'n skriftelike verklaring deur 'n gestorwene wat teen sy eie belang was word deur die hof toegelaat en aanvaar om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys en in hierdie geval verwys ons na die saak van S v Williams - van Williams N.O. v Eagle Star Insurance Co. Ltd 1961 2 SA 631 (K) en in hierdie geval het die hof 'n skriftelike erkenning deur 'n persoon waarin hy erken het dat hy die beserings waaraan hy later beswyk het opgedoen het in 'n ongeluk waarvan hy die oorsaak was. Die hof het dit aanvaar as bewys van die inhoud in hierdie geval. Die eerste wat ek noem is waar dit nie op gesag van enige wetlike uitsondering gegaan het nie; die tweede is dokumente oor publiekregtelike grenslyne. 'n Verklaring deur 'n persoon wat reeds oorlede is wanneer sy getuienis benodig word oor die algemene reg van die publiek en as hy dit gedoen het voordat daar 'n geskil ontstaan het en dat hy besondere kennis van die saak gehad het word 'n skriftelike verklaring deur hom gemaak toelaatbaar om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys. Dit is waar dit gaan oor publieke regte of grenslyne. In hierdie geval was dit die sake wat ek in hierdie geval kon kry, is Du Toit v Lydenburg Municipality 1909 TS 527 en Fuchs & Downing v Port Elizabeth Municipality 1944 EDL 254; Transkeian Territories General Council v Mngqibisa 1928 EDL 526. Die volgende voorbeeld wat ek wil noem waar dit eers sonder wetgewing toegepas was, 'n skriftelike stuk gedoen in die loop van 'n pligsvervulling en aantekeninge gemaak tydens sy

lewe / ..

lewe deur 'n gestorwene en gemaak in die loop van 'n pligsvervulling byvoorbeeld 'n boekhouer or registerhouer word aanvaar en toegelaat om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys. In dié geval verwys ons na Vianini Ferro Concrete Co v Union Government 1941 TPD 252. Daar is ook Murray v Opperman and Erasmus 1904 TS 965. Nou ten opsigte van hierdie geval wil ek ook - ek kom later hierna terug - net verwys daarna dat ook artikel 221 van Wet 51 van 1977 is later op die wetboek geplaas en is ook toepaslik en dan in die wet op bewyslewering artikel 34 daarvan en wat deur artikel 222 van wet 51 van 1977 op strafsake van toepassing gemaak is, is ook toepaslik maar ek kom terug na hierdie artikel 221 wanneer ek nou weer die artikels behandel waar die wet uitsonderings gemaak het. 'n Ander voorbeeld wat ek wil noem is skriftelike stukke oor afstamming. Waar daar twyfel bestaan oor van wie iemand afstam kan verklarings van gestorwenes om dit te bewys aangebied word en so 'n verklaring word aanvaar en toegelaat om die waarheid van die inhoud daarvan te bewys. In dié geval Wilkeson v Estate H J Steyn 1947 1 Prentice Hall M29K en dan R v Ndabazonki 1951 EDL 132.

HOF: Ekskuus, 19..?

MNR JACOBS: 1951 EDL 132.

HOF: In watter verslag is dit?

MNR JACOBS: Wel, ek het nie die volume hierby nie, ek sal dit vir die hof kry. Ek vra mnr Fick om die volume vir ons te kry, edele. 'n Verdere voorbeeld wat ons dan noem edele is verklarings van 'n erflater. Dit is ons betoog dat 'n verklaring skriftelik of mondeling van 'n erflater oor sy testament in omstandighede toegelaat en aanvaar word as bewys van die waarheid van die inhoud daarvan rakende die testament. In

dié /..

dié geval verwys ons na R v Foreman 1952 1 SA 423, dit is 'n Suid-Rhodesiese saak en ook R v Basson 1965 1 SA 697 (K).

ASSESSOR: Wat is die jaartal, asseblief?

MNR JACOBS: Dit is Basson, Basson se saak?

ASSESSOR: Ja.

MNR JACOBS: 1965 1 SA 697.

ASSESSOR: Dan is dit seker die staat teen Basson?

MNR JACOBS: Dit mag - ja, dit kan S v Basson wees. Dan 'n ander voorbeeld wat ek graag wil noem is waar die bewys uit die aard ingewikkeld sou wees. Nou dit is ons submissie dat die regspraak het tred gehou met die moderne ontwikkeling en moderne industrieë en administrasie verg 'n toenemende gebruik van registers, sertifikate, waarin die besonderhede saamgestel word uit feite wat deur 'n verskeidenheid van mense byeengebring word en volgens die geldende regsbeginsels sou die resultaat van hierdie feite alleen bewys kon word deur 'n groot aantal getuies te roep om hierdie feite en resultate te bewys en vir doelmatigheidsredes het ons howe in die eindresultaat toegelaat om die inhoud daarvan te bewys as uitsondering op die hoorsêreël en om nie hierdie baie mense te roep nie. Nou hierdie geval - ek noem hierdie spesifiek met 'n doel want ek gaan net eers die gesag vir u gee. In hierdie geval word verwys na Garment Workers Union v De Vries 1949 1 SA 1 110 (W) op 1 128. Daar is ook R v Ferguson 1949 3 SA 69 (N) en Gibson v Arnold & Company 1951 2 SA 139 (T). Nou hoewel die howe tred gehou het in hierdie geval het die appèlhof in S v Harper 1981 1 SA 88 (A) op 95 en ook op 97G het die appèlhof egter die rigting in hierdie laaste drie sake verwerp en toe het die appèlhof aanbeveel dat die wetgewer behoort in te gryp om voorsiening te maak vir

hierdie / ..

hierdie tipe gevalle. Nou dit is belangrik, edele, volgens ons mening om kennis te neem dat die werkgewer het gehoor gegee aan hierdie oproep van die appèlhof en artikel 221 van die strafproseswet was toe op die wetboek geplaas en die artikel is dan daar geplaas as 'n uitsondering op die hoorsêreël waar 'n dokument dan aangebied word en aanvaar word en dit bewys die waarheid van die inhoud daarvan op hierdie aspekte. Nou dit is ons respekvolle betoog dat die woord "dokument" het 'n wye betekenis en het ons howe dit aanvaar as enige iets wat op skrif of prent bewys van iets lewer en in dié geval verwys ons na <u>Secombe v Attorney-General</u> 1919 TPD 270 op 272. Nou hierdie geval het ons op hierdie stadium aangehaal om die argument van die verdediging dat dele van dokumente nie toegelaat moet word in terme van die artikel, hetsy 246 of 69(4) - nou dit is ons respekvolle betoog dat daardie argument kan nie reg wees nie want daar is juis weer die veiligheidsmaatstaf ingebou in die artikel dat die persoon wat aangekla is en wat uit die aard van die saak gemoeid is met hierdie dokumente, hy kan vir die hof kom sê <u>prima facie</u> getuienis weerlê en daardie dokument het nie die werklike beeld geskep nie. So hy kan so 'n deel van 'n dokument weerlê, en dit is nie die bedoeling van die wetgewer nie en dit sou ook die weg ooplaat vir enige iemand wat enige organisasie of liggaam wat die land omver wou werp verwyder net, maak 'n niksseggende deel van 'n dokument, skeer hom af en hou die ander deel en sê nou is daardie dokument nie.. dit sou ook indruis teen die wetgewer se beginsel daarso. So ons respekvolle submissie is dat hierdie gesag wat sê enige iets wat in skrif of prent is en bewys van iets lewer is die toets wat toegepas word en daarna kan dit nog altyd

weerlê / ..

weerlê word omdat dit prima facie bewys is.

Nou vervolgens wil ek gaan na die wetgewing, die wetlike ontwikkeling wat daar gegaan het op die gebied van die uitbreiding van die uitsonderings op die hoorsê. Ek wil hulle net kortliks vir die hof gee, edele, en wat opmerklik is ons weet en ons ken die wet dat daar is vaste reëls waarvolgens dokumente ingedien kan word deur getuies wat oor die egtheid daarvan kan getuig. Die wetgewer het hierop uitsonderings gemaak deur te bepaal dat sekere dokumente deur blote indiening of voorlegging vanaf die balie en sonder om dit deur 'n getuie te laat identifiseer toegelaat word as getuienis. Ek wil dan ook die volgende voorbeelde in hierdie verband noem. Die eerste waarna ek verwys is artikel 76(3)(b) van wet 51 van 1977..

HOF: (b) of (d)?

MNR JACOBS: (b), (3)(b), oorkondes van strafregtelike sake insluitende pleitverduidelikings ensovoorts. Dit word bewys deur die blote voorlegging daarvan of van 'n afskrif daarvan ingevolge artikel 235. Oorkondes van voorlopige ondersoeke, artikel 129(2), dit is in wese kom dit presies neer op die voorgaande een op 76(3), in artikel 129(2) word bepaal dit kan deur blote voorlegging by die hof getuienis word. Die derde is beskuldigde se getuieverklarings - ekskuus, edele, beskuldigdes se getuienis of onbeëdigde verklarings by voorlopige ondersoeke en hier is artikel 133 toepaslike en word dit gevind en dit word toegelaat deur die blote voorlegging daarvan by die hof. Beweerde verklarings en sertifikate gedoen in terme van artikel 212, die blote voorlegging daarvan by sulke verrigtinge dien as prima facie bewys van die inhoud daarvan. Daar is etlike artikels wat hierdie..

hiermee/ ..

hiermee handel maar almal gaan hoofsaaklik oor blote voorlegging by sulke verrigtinge en dan dien dit as prima facie bewys.

Dan artikel 213(2), dit is onder spesifieke omstandighede, die skriftelike verklarings van 'n getuie en kragtens artikel 213 kan 'n skriftelike verklaring van 'n persoon onder sekere omstandighede by strafregtelike verrigtinge as getuienis toelaatbaar word in dieselfde mate as mondelinge getuienis met dieselfde strekking deur daardie besondere persoon. Ook hier word dit gedoen deur blote voorlegging daarvan word dit getuienis.

Dan die volgende waarna ek verwys is artikel 214, getuienis afgelê deur 'n getuie by 'n voorlopige ondersoek en wat by die verhoor afwesig is onder spesifieke omstandighede toegelaat word volgens hierdie artikel en dit word toegelaat as getuienis by die verhoor as dit uitgelees word of by die verhoor as getuienis en dit is toelaatbaar deur dit by die besondere hof in te dien.

Nou die volgende is artikel 215, dit is getuienis wat by 'n ander verhoor afgelê was en onder spesifieke omstandighede by 'n verdere verhoor aangebied kan word, en dan is dit as getuienis by hierdie tweede verhoor toelaatbaar. Nou die verdere voorbeeld is artikel 217, 'n bekentenis onder omstandighede soos in die artikel voorgeskryf. Dit word bepaal dat daardie bekentenis kan voorgelê word by die hof as getuienis en word dit toelaatbaar. Nou 'n ander voorbeeld wat ek graag wil noem is 'n dokument wat voorgee om die handtekening van 'n openbare beampte te bevat, artikel 231. Dit word deur blote voorlegging daarvan prima facie bewys dat daardie beampte dit geteken het. As 'n verdere uitsondering is daar openbare

dokumente / ..

dokumente soos bepaal in artikel 233 en dit word deur blote voorlegging daarvan as getuienis toelaatbaar. In hierdie geval is daar ook gesag oor hierdie aspek naamlik S v Karge 1971 3 SA 470 (T) en op 474A; en dan is dit R v Halem ...

HOF: R v..?

MNR JACOBS: H-a-l-e-m, 1949 3 SA 274 (T). Die volgende is artikel 236, dit is bankiersboeke wat onder omstandighede deur 'n beëdigde verklaring voor die hof gelê word en dan dien dit as prima facie bewys dat die aangeleenthede wat voorgee daarop genoteer te wees korrek genoteer is. Dan artikel 334 - ja, ek het artikel 334 hier ingehad vir volledigheid maar ek het dit reeds genoem daar waar 'n hofoorkonde ingehandig word. Artikel 335 handel met 'n afskrif van 'n hofoorkonde.

ASSESSOR: 334?

MNR JACOBS: 335.

ASSESSOR: O, 335. Die bankiersboeke kan ek net sê die beëdigde verklaring is ook prima facie bewys van die inhoud daarvan. Dit is in terme van artikel 236.

Nou die volgende is artikel 237(2) en dit is uittreksels uit huweliksregisters by aanklagtes van bigamie of bloedskande. Dit is twee artikels daar, 237(2) en ook 238 is daarby betrokke. Nou dit kan bewys word, die bestaan van die huwelik kan bewys word deur die blote voorlegging van 'n uittreksel uit die huweliksregister of 'n sertifikaat uitgereik kragtens artikel 42(3) van wet 81 van 1963 en dit soos ek gesê het is prima facie bewys van die bestaan van die huwelik en dit kan slegs bloot van die balie af ingehandig word.

Dit is die voorbeelde wat ek bring wat volgens ons

respekvolle /..

respekvolle submissie duidelik ŉ aanduiding gee van die wetgewer se doelbewuste verandering van die hoorsêreël en dit bring ons dan by artikel 246 en ons submissie is dat 246 en dan ook artikel 69(4) is ook spesifieke uitsonderings op die hoorsêreël en dat die wetgewer doelbewus uitsonderings op hulle wou aangebring het. Nou artikel 246 het daar sekere belangrike aspekte wat ons graag weer uitlig hierso, edele. Nou word bepaal dat dokumente wat te enige tyd op ŉ perseel was wat geokkupeer is deur ŉ vereniging van persone of (b), wat in besit of onder beheer van ŉ ampsdraer, beampte of lid van so ŉ vereniging was. Dit is dan die vereistes wat gestel word. Die artikel stel dan spesifieke uitsonderings op die hoorsêreël waar spesifieke feite <u>prima facie</u> bewys word deur die inhoud van sulke dokumente wat daar gevind was. Eerstens dan om die artikels net op te som, <u>ex facie</u> die stuk kan deur die blote voorlegging van die stuk bewys word dat die beskuldigde ŉ lid of na gelang van die geval ŉ ampsdraer van daardie vereniging is. Dit is die bepaling van artikel 246(a).

Die tweede moontlikheid is <u>ex facie</u> die stuk; iemand met ŉ naam wat ooreenstem met dié van ŉ beskuldigde wat lid van daardie vereniging is of was, die outeur van daardie dokument is. Dit word bewys deur blote voorlegging van die stuk dat die beskuldigde die outeur is en hier is artikel 246(b) by betrokke.

<u>HOF</u>: Net as dit die beskuldigde is, nie as dit ŉ ander persoon is nie.

<u>MNR JACOBS</u>: Die beskuldigde, nie ŉ ander persoon is nie. Die derde moontlikheid, dat <u>ex facie</u> die stuk blyk dat dit die notule of ŉ afskrif of ŉ uittreksel uit die notule van

ŉ vergadering van daardie vereniging of van ŉ komitee daarvan is. Nou hier is dit belangrik om daarop te let, ek het dit probeer beklemtoon toe ek dit gelees het, dit is die notule van daardie vereniging, of ŉ afskrif van die notule of ŉ uittreksel van die notule van die vergadering van daardie vereniging bied bewys en ŉ tweede aspek wat ek ook op wys wat die artikel baie duidelik beklemtoon is dat dit die notule is van die vereniging self, die afskrif of ŉ uittreksel van die notule van ŉ komitee, ook van daardie vereniging; dit lewer bewys. So dit is nie net die vereniging per se self nie maar enige komitee of afdeling daarvan en die bewys wat daardeur gelewer word is die hou van so ŉ vergadering en wat ek netnou ook na verwys het toe ek die artikel uitgelees het van die verrigtinge daarby, artikel 246(c). As ek net ŉ oomblik hier mag stilstaan, edele, BEWYSSTUK C.18 dit is die dokumente wat uitgegee is en Luzille Meyer gevind was, oor die nasionale konvensie - die eerste dokument wat ons in ons betoogshoofde aangehaal het oor die nasionale konvensie. Nou volgens daardie stuk, ex facie daardie stuk blyk dit dat UDF en organisasies - die verdediging het mos klem gelê op die feit van die organisasies, maar UDF en die organisasie het vergaderings gehou en sekere besprekings gevoer en dit sal ŉ uittreksel of ŉ afskrif as dit nie die direkte notule is nie van daardie vereniging..

HOF: Nee wag, pouseer net ŉ oomblik daar. Ek het altyd gedink dat ŉ notule is iets wat in ŉ sekere vorm geskryf is en ŉ afskrif of ŉ uittreksel van ŉ notule is enersyds waar hy heeltemal oorgeskryf is en ŉ uittreksel is waar ŉ stuk van hom oorgeskryf is. Jy kry ŉ uittreksel uit die notule as jy byvoorbeeld ŉ sekere deel as ŉ besluit wil aanheg

êrens / ..

êrens anders of deurstuur. Ek het dit nog nooit so gesien dat mens 'n uittreksel uit 'n notule het as jy net bloot na die inhoud van die notule verwys nie. As u argument reg is dan kan enige iemand sê dat enige iets in enige notule staan en dan sou dit onder die artikel val.

MNR JACOBS: Nee, edele, hier verwys die dokument *ex facie* die stuk self, maar dit verwys terug na die vergadering waar dan sekere dinge bespreek is.

HOF: Wag, wag, lees net 'n bietjie weer daardie punt (c). Die voorvereiste is tog dat dit 'n notule is of 'n uittreksel van 'n notule van 'n vereniging of 'n komitee van 'n vereniging.

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Nou dit is nie 'n notule van Luzille Meyer geskryf het nie.

MNR JACOBS: Nee, edele.

HOF: Nou sy sit ook nie daarin in aanhalings iets uit 'n notule nie.

MNR JACOBS: Dit is nie 'n afskrif van die notule nie, dit is nie 'n uittreksel nie.

HOF: Sy sê maar net daarin wat gebeur het op 'n sekere vergadering.

MNR JACOBS: Nee, sy is in besit gevind van so 'n dokument wat toon, edele - nou moet mens ondersoek instel na die dokument self, *ex facie* die dokument blyk dit dat daar in daardie dokument self word dit nou gesê dat UDF en mense het vergadering gehou of organisasies het vergadering gehou en op daardie vergadering is sekere dinge bespreek en gedoen en dit gee weer wat daar gedoen is.

HOF: Ja-nee wag, wat sê die Engels daarvan - wat sê die Engels vir "minute", wat sê hy vir uittreksel?

MNR JACOBS: Ek sal net kyk, edele.

HOF: "Extract", neem ek aan.

MNR JACOBS: Ek lees dan (c) weer, edele.

"If on the face thereof appears to be the minutes or a copy or an extract from the minutes.."

HOF: Nou ek het dit nog altyd so begryp dat ŉ uittreksel wat daar genoem word, ŉ "extract" dat dit ŉ stuk van die notule is wat woordeliks aangehaal word of miskien op ŉ manier miskien ŉ bietjie verkort met uitlating van ŉ paar woorde hier en daar maar nie dat dit bloot ŉ stelling is van iemand in sê nou maar ŉ brief dat daar in ŉ sekere notule so-iets staan nie. Nou kan ek my C.18 nie presies voor die gees roep nie, maar ek dink dat dit ŉ dokument is in die vorm van ŉ lesing of ŉ werkstuk of iets van dié aard maar dit is nie iets wat weergee ŉ notule te wees nie.

MNR JACOBS: Ja, ek sien die hof se benadering daarvan, edele. Ek kan dit nie eintlik - al wat dit vir my die indruk geskep het is omdat dit daarso weergee besluite wat hulle daar, watse besprekings het hulle gevoer daar, watse besluite is geneem daar en wat het hulle voorgestel daarso, dat dit op ŉ vergadering..

HOF: Op u stelling sou enige iemand enige iets kan beweer in ŉ dokument oor wat by ŉ vergadering gebeur het en dan sou dit toelaatbaar wees.

MNR JACOBS: Ek sal daardie net daar los edele, ek sien en ek aanvaar die hof se punt in hierdie geval maar wat ek ook hier wil byvoeg is dat ook voorbeelde, byvoorbeeld waar dit gaan oor ŉ komitee, dat die notules van werkswinkel wat gehou is soos byvoorbeeld die I-reeks bewysstukke waar daar notules gegee is, vat byvoorbeeld die Daleside..

HOF: Kom ons vat nou I. I is tog nie 'n notule nie, dit is 'n agenda - een van die stukke van I is 'n agenda.

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Ek kan nie meer al die I's onthou nie. 'n Ander stuk dink ek is 'n weergawe van wat daar gebeur het, 'n verslag.

MNR JACOBS: Dit is reg, dit is my submissie. Dit is van 'n komitee van UDF wat hulle daarso 'n notule gee van wat die gebeure was met daardie kursus en hoekom ek dit gebruik is dat dit is van 'n komitee van die UDF, die notule. Hoekom daar 'n - kan ek net hierdie vir die hof regstel. Ek het hom net verkeerd om uitgespreek, hoekom daardie saak van Ndabazonki 1951 - ek het hom net verkeerdom geskryf, dit is 1915. Daarom was daar nie 'n nommer by nie, edele.

HOF: Ja, ons sou lank gesoek het.

MNR JACOBS: So ek het alreeds daarop gewys dat dit ons respekvolle betoog is dat die wetgewer se bepaling van prima facie bewys en van die verrigtinge daarby nie geïgnoreer kan word nie maar dat daaraan betekenis verleen moet word. Die taal is volgens ons mening duidelik dat dit iets meer beteken as bloot dat iemand in 'n stuk iets gesê het en dat dit is sover as wat dit gaan. Nou die vierde punt is dan ex facie die stuk 'n oogmerk van daardie vereniging openbaar by blote voorlegging van die stuk prima facie bewys dat bedoelde oogmerk 'n oogmerk van daardie vereniging is. Nou wat van besondere belang is, is dat enige dokument, boek, pamflet, selfs 'n brief of 'n omsendbrief, 'n lys, 'n register 'n plakkaat of 'n aanplakbiljet wat ex facie die stuk sekere feite bewys, of die oogmerke bewys, enige iets van hierdie feite in hierdie hele artikel bewys en dat daar nêrens hoegenaamd vereis word dat dit gespesifiseer - dat die

gespesifiseerde/..

gespesifiseerde feite wat bewys kan word slegs die beleid van 'n vereniging moet wees nie maar dit betrek enige oogmerk van 'n vereniging. Dit gaan dan weer oor die dokument - "a document" - dit sluit dan in "any document including any book, pamphlet, letter, circular letter, list, record, placard or poster" en dan sê hulle "which on the face thereof discloses any object of such association shall upon the mere production thereof by the prosecution at criminal proceedings be <u>prima facie</u> proof that the said object is an object of such association". En wat belangrik is, edele, waar dit sê "any object", enige oogmerk van so 'n organisasie sluit nie uit net die finale oogmerke nie en hierdie geval as 'n mens 'n voorbeeld kan noem wat ons beweer het in die akte van beskuldiging dat hulle noem maar 'n stigting van 'n regering van die massas wat die oogmerk van die UDF is, te alle tye enige oogmerk van enige aard; ons submissie is dat 'n oogmerk om die massas te mobiliseer om eindelik daardie finale oogmerk te bereik is 'n oogmerk van die organisasie. Die oogmerk selfs om UDF te populariseer onder die massas sodat hulle die ondersteuning van die massas kan kry is 'n oogmerk van daardie organisasie en enige van daardie tipe oogmerke kan bewys word. Nou ons submissie is dat artikel 246 (d) stel wesenlik drie vereistes.

Nou die dokument moes op 'n perseel gevind gewees het wat geokkupeer is deur 'n vereniging, of die dokument moes gevind gewees het in die besit of in die beheer van 'n ampsdraer, 'n beampte of lid van so 'n vereniging en die dokument moes <u>ex facie</u> die dokument self 'n oogmerk van daardie vereniging ook openbaar. Dit is die drie kerngedagtes wat in hierdie artikel betrek word. Nou edele, oor vereniging van

persone/..

persone het ons reeds 'n betoog by die hof ingelewer wat reeds in is. Ek gaan nie dit weer hier behandel nie, edele. Ek wil net sê dat dit is toepaslik dat dit ook in gedagte gehou word wat 'n vereniging van persone is en dat UDF so 'n vereniging van persone was, bestaande uit al sy lede-organisasies en die lede van die bestuur van daardie lede-organisasies en van die lede, gewone lede ook van daardie organisasies. En in dié verband wil ek net, ek het nie tyd gekry laasnag om dit te soek nie edele, maar ek wil verwys - u sal onthou dat beskuldigdes, ek dink beskuldigde nr.19 is die persoon wat getuig het daaroor dat UDF bestaan en hulle het altyd geroem daarop, uit 600 organisasies met 'n ledetal, en dat hulle bestaan uit 'n ledetal van oor die miljoen. Dit is deur hulle self erken en aanvaar dat hierdie organisasies se mense is hulle lede, is UDF lede. En dit is wat verkondig word aan die wêreld. Nou ons submissie is weer eens is hierdie artikel duidelik en vereis nie, ek wil dit beklemtoon, vereis nie eens dat hierdie dokument deur die betrokke of ter saaklike vereniging self uitgegee moes gewees het nie. Dit hoef net die oogmerke van die vereniging te bevorder. En wat meer is, dit hoef nie deur die bestuur van die vereniging goedgekeur gewees het nie.

Nou in hierdie verband wil ek in die besonder verwys na die saak van - en ek wil weer aanhaal hieruit en ek wil ook net 'n ander deel daarvan aanhaal, van <u>S v Nkosi</u> 1961 4 SA 320 (T) op 322H:

> "The question to be determined on this aspect of the case is whether it was established that Ngobo (in whose possession the document was found) was so associated with the PAC. In my view Ngobo's membership was

clearly / ..

> clearly established. The fourteen documents to which I have referred were all found in his possession and they all contained material of great importance and relevance to a leader of the PAC. One of them, EXHIBIT J was in handwriting and there can be no doubt that this preface to the article describing the activities of the PAC was either written by him or was submitted to him for approval."

en dit is die kern van die hele ding, edele, in hierdie hele kwessie. In hierdie geval is dit nou nie eens duidelik - het die hof dit aanvaar dat dit duidelik was of die persoon dit self geskryf het of dat dit deur iemand anders geskryf is en aan hom gegee is nie, maar die feit bly, die feit wat bewys word uit daardie dokumente is dat dit was nie 'n dokument van die PAC se hoofbestuur om dit as beleid neer te gelê het nie. Dit moes net 'n oogmerk van daardie organisasie wees. Nou dit is ons respekvolle submissie dat die - as ek dit net eers hier so kan saamvat, edele - dat die beginsels wat geld by die toepassing van artikel 246, dat dit verder gaan as net dat so 'n dokument uitgereik was. Dieselfde beginsel wat daar by wetsuitleg van hierdie artikel toegepas is geld ook by artikel 69(4). Albei van hierdie artikels is doelbewuste pogings - nie 'n poging nie - is doelbewuste uitvoering van die wetgewer om die uitsonderings op die hoorsêreël uit te brei. En die beginsels wat geld by die een geld ook by die ander een, en dit is ons respekvolle submissie die deurslaggewende faktor by albei van hulle is die bedoeling van die wetgewer. Nou ons submissie is..

<u>HOF</u>: Laat ons nou die teeverdaging neem.

<u>DIE HOF VERDAAG VIR TEE</u>.

DIE HOF HERVAT NA TEEVERDAGING

HOF: Wat sê u van die voorbeeld van mnr Chaskalson dat as jy nou 'n dokument het wat dinge het wat ten gunste van die staat is en dinge wat teen die staat is en jy handig dit in as prima facie bewys, wat maak jy met die dinge wat teen die staat is?

MNR JACOBS: Ons submissie was reeds voorheen gewees by die ontslagstadium dat eintlik die artikel se bepaling is self 'n spesifieke inskrywing daar dat dokumente wat volgens die artikel ingaan, artikel 69(4) bepaal spesifiek daar in die artikel 'n woord "teen"..

HOF: Teen die beskuldigde?

MNR JACOBS: Teen die beskuldigde en die submissie is wat word dan bedoel met "teen" die beskuldigde. Die wetgewer kon net sowel geskryf het dit gaan in as bewysstuk in die saak of as prima facie bewys van die inhoud daarvan.

HOF: Lees net weer vir ons die bewoording?

MNR JACOBS: Ja, net voor ek dit lees kan ek net hierdie vir die hof gee? Ons het dit klaar gemaak, die afskrif is nou beskikbaar vir die geleerde heer assessor. Ek wil net iets duidelik maak, edele. U sal sien in party van die dokumente byvoorbeeld AN.16, kan u net daar vir die hof gee is twee datums, edele. Dit beteken nie dat twee dokumente op twee verskillende datums gevind is nie, maar dit is dokumente wat oor 'n tydperk..

HOF: As daar nou 'n streep staan tussen die twee datums beteken dit dat dit oor die tydperk gekry is?

MNR JACOBS: Ja, ongelukkig was die spasie min daar. Ons het die eerste datum gegee en dan staan die AN.16 en dan is die volgende datum.

HOF: Maar beteken dit dan dat dit in daardie tydperk gekry is of beteken dit dat dit verskillende dokumente is sê nou maar 5 en dan is dit oor die tydperk versprei?

MNR JACOBS: Nee, dit beteken net dat daardie spesifieke dokument was op 'n datum tussen hierdie twee datums..

HOF: Wat binne die twee datums val, inklusief van die twee datums gevind?

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Ja, dankie.

MNR JACOBS: Ons kan nie daar nadere datums gee, van die presiese datum nie, ons kan net 'n tydperk daar gee. Edele, sal ek die Engels lees of die Afrikaans?

HOF: Ek kan enigeen van die twee verstaan.

MNR JACOBS: Ja, ek dink net vir die - ek sal net die woord in Engels weer herhaal. Ek sal dan die onderste deel na paragraaf (c) waar dit dan verder gaan, na dit sê watter dokumente toegelaat is, (a), (b) en (c) dan sê dit:

> "..en enige reproduksie van so 'n dokument, boek, rekord, pamflet, ander publikasie of geskrif as getuienis teen die beskuldigde of na gelang van die geval bedoelde party by die geding toelaatbaar is as prima facie bewys van die inhoud daarvan."

en aan die Engelse kant daarvan sê hulle "shall be admissible in evidence against the accused".

Ons submissie is in hierdie geval dat die wetgewer het hier doelbewus woorde ingesit en dit is ons submissie dat die wetgewer bekend is met die feite dat dit moeilik is in 'n vereniging van organisasies om spesifiek te kan bepaal wie en wat en vir watter doel is dokumente uitgelaat en daarom is dit prima facie getuienis en dit laat vir die persoon

teen wie dit gebruik word die geleentheid om te kom bewys dat dit nie getuienis teen hom moet wees nie. So die getuienis wat hier ingelaat word deur die wetgewer is ons respekvolle submissie en soos ons hierdie artikel lees dat die wetgewer nie onnodige woorde in die wet geskryf het hier nie, maar doelbewuste woorde wat uitgelê moet word en ons submissie is die uitleg daarvan is juis dat die wetgewer hier doelbewus bepaal het dat dit getuienis teen die beskuldigde is.

Dit is met respek maklik vir 'n vereniging van persone om 'n ding wat in hulle dokumente verskyn te kom weerlê. Anderste as daar enige ander betekenis aan hierdie woorde geheg moet word, edele, dan is daar eintlik geen sin in hierdie woorde in die artikel self nie.

Ons submissie is dat hierdie saak van <u>Nkosi</u> spesifiek met respek gesê die bedoeling van die wetgewer aan gestalte gee en ek wil dit ook submitteer dat in hierdie saak was my geleerde vriend se argument dat die verwysing na artikel 69(4) in hierdie saak is net blote obiter. My respekvolle submissie is dit het tog betekenis want daardie selfde beginsel word ook deur ander howe in later sake gevolg waar dit nie net bloot obiter is nie en dat daar duidelike aanduiding daarvan is dat dit die bedoeling van die wetgewer is wat in artikel 69(4) uitgebring word. Nou dit vind aansluiting by die ander geslag - ons het reeds vir die hof verwys na die saak van <u>S v Alexander en Andere</u> 1965 2 SA 818 (T) en van - ek wil 'n bietjie meer aandag aan hierdie saak gee vanaf bladsy 821 tot 823 en hiermee handel. Nou ons submissie is dat die howe het nooit getwyfel dat bewese dokumente meer moet bewys as dat iemand in 'n dokument iets gesê het nie. Nou die eerste aspek waarna ek wil verwys in hierdie <u>Alexandersaak</u>

is die eerste waar daar gesê word, en ek haal aan:

> "..on behalf of the accused it was argued that mere production of a document does not prove the contents thereof."

so dit was 'n spesifieke geskil in die Alexandersaak waar dieselfde beginsel geld. Dit het gegaan in daardie saak oor artikel 263 (bis) van die ou wet 56 van 1955, die voorganger van die huidige artikel 246. Maar die feit bly dat dieselfde punt was georganiseer of dit meer getuieniswaarde aan het as die feit net dat iemand iets gesê het en die hof se antwoord daarop was soos volg:

> "The defence contention regarding the proof of the contents of a document is not entirely correct. Subsection 263(bis) (1)(d) of the Criminal Procedure Act no.56 of 1955 provides that where any document which was at any time in the possession of a member of an association of persons, discloses on the face thereof any object of such an association. It shall on its mere production in criminal proceedings be prima facie proof that the said object is an object of such association".

So edele, dit is doelbewus genoem hier dat die verdediging se beweringe wat dieselfde is in hierdie saak, dat die dokument bewys nie dat iemand in 'n dokument iets gesê het nie, dat dit verder gaan as dit en die hof het doelbewys hier gesê dat daardie benadering is verkeerd. Dit gaan verder:

> "Where the objects of the YCCC and/or NLF therefore appear on any document either found in the possession of any member of this organisation or which had been in possession of any member at any time, it constitutes prima facie proof of the objects of such an

organisation/..

organisation."

Nou edele, weer kry mens hierso wat ons alreeds geargumenteer het 'n paar basiese beginsels. Dit geld enige lid van so 'n assosiasie van persone. Dit kan op enige tyd in sy besit gevind gewees het, en dan gaan dit verder en sê: of wat voor dit in sy besit was te enige tyd en dan word gekyk of die dokument self, gekyk uit die dokument of dit uit die dokument self blyk dat daar 'n oogmerk van daardie organisasie is en dit is wat bewys word deur daardie dokument en nie die feit dat 'n persoon net so-iets gesê het nie. Nou dan gaan die hof verder en sê:

> "The effect of the section is therefore two-fold: it renders admissible upon mere production certain documents and it accords to their contents probative effect amounting to <u>prima facie</u> proof. By <u>prima facie</u> proof is intended as far as those facts are concerned evidence which is such as to call for an answer which in the absence of an answer may become conclusive proof."

Nou dit is ons betoog dat dieselfde argumente dat dit die bedoeling van die wetgewer is om verder te gaan, geld ook waar dit gaan oor <u>prima facie</u> proof wat bewys word deur 'n dokument ten opsigte van artikel 69 en ons submissie is die hof kan hom nie ook op daardie beperking uitlê nie.

Op bladsy 7 van die akte van beskuldiging word die volgende gestel, die tweede paragraaf daarvan wil ek lees wat ons beweer het in die akte van beskuldiging:

> "En nademaal alle organisasies en/of liggame wanneer hulle met die UDF affilieer as lede van die UDF, hulself verbind en onderneem om die beleid, besluite,

projekte en aktiwiteite van UDF te aanvaar, uit te voer, te bevorder of te bedryf."

en dan die laaste deel ook, die laaste paragraaf wat onder begin en oorgaan na die volgende bladsy:

"En nademaal UDF en/of sy lede, synde organisasies en/of liggame verteenwoordig deur lede van organisasies en/of liggame geaffiliëer met UDF en/of organisasies en/of liggame verteenwoordig deur lede van organisasies of liggame wat UDF aktief ondersteun, en/of persone wat deel vorm van die bestuurstruktuur, amptenary van UDF besef en verklaar.."

In die akte van beskuldiging is dit ons respekvolle betoog dat waar ons 'n geval het hier van 'n verenigde front en sy lede wat bestaan uit organisasies, die enigste manier hoe ons hierdie hele konsep bymekaar kon bring is om te wys en dit is tog die feit ook, edele, dat UDF bestaan uit hierdie organisasies. UDF kan nie bestaan sonder sy organisasies nie. Die organisasies is 'n integrale deel van UDF. Die organisasies se lede soos ek reeds gesê het word deur UDF beskou as UDF-lede, met 'n miljoen lede wat hulle het. UDF bestaan uit 600 organisasies. Die hoogste gesagstrukture in UDF bestaan uit verteenwoordigers van hierdie organisasies. Ons wil verder gaan, edele. 'n Lid van 'n gesagstruktuur in UDF kan nie 'n lid bly nie as hy ophou om 'n lid van 'n organisasie te wees, so die hele verstrengeling gaan hier oor die hele oorkoepeling van UDF bestaande uit hierdie organisasies en ons submissie is dat deur hierdie verwysing en die samevoeging van al hierdie mense wat die werklikheid is, is dit duidelik dat die lede - is ons submissie dat dit nie nodig is vir ons om te sê byvoorbeeld soos my geleerde vriend wil argumenteer

dat / ..

dat ons moet sê dat beskuldigde 22 moet ons ook nou die bewering maak hy is 'n aktiewe ondersteuner van COSAS nie. COSAS is juis deel van UDF. Beskuldigde 12 is deel van UDF en sy bestuur. Hulle beheer die ding en die hele sisteem op hierdie wyse. As daar beleidsbesluite geneem word dan het COSAS deel daaraan so ons submissie en verwysing is dat almal van hulle as lede van UDF bring almal van hulle binne die kader van artikel 69.

HOF: Wag nou net 'n bietjie laat ons kyk waarheen ons gaan met hierdie argument. Ons weet daar is 'n "scooter"-klub. Die "scooter"-klub dink ek as ek reg het is geaffiliëer met die UDF.

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Ek aanvaar dat hulle 'n klomp lede het wat op 'n Sondagoggend uitry om piekniek te hou of iets van dié aard by die Hartebeestpoortdam. Sou elkeen van daardie lede nou 'n lid wees van UDF en sou u op krag van daardie lidmaatskap die bepalings van artikel 69(4) kan in werkingstel?

MNR JACOBS: Streng gesproke is ons submissie met die uitleg van artikel 69(4), sal 'n mens as daar organisasie, die "scooter"-klub iets uitgee om die gemeenskaplike opset te bevorder, diel van UDF, die doel waarvoor hulle deel geword het, waarvoor hulle staan, te bevorder, dan sou dit aan hom toegeskryf kan word. Dit is enige iets wat hulle..

HOF: Wag so 'n bietjie. Waar gaan hierdie argument heen? Wat wil u met die argument beoog as almal wat lid is van 'n geaffiliëerde organisasie as lid beskou word van UDF? Ek praat nou nie van bestuurstrukture nie, ons praat nou van elke gewone lid van elke organisasie is nou 'n lid van UDF. Waar gaan dit heen as ons artikel 69(4) toepas?

MNR JACOBS /..

MNR JACOBS: Dat enige dokument wat so 'n organisasie sou uitgee om die gemeenskaplike opset te bevorder of enige iets om die sake van UDF te bevorder.

HOF: Lees net vir my 69(4) weer, asseblief?

MNR JACOBS: (Lees):

> "By 'n vervolging weens 'n misdryf ingevolge hierdie wet of by siviele verrigtinge wat uit die toepassing van die bepalings van hierdie wet ontstaan, is enige dokument, boek, rekord, pamflet of ander publikasie of skrif wat gevind is wat verwyder is uit die besit, bewaring of beheer van die beskuldigde of 'n party by die geding of van 'n persoon wat te enige tyd voor of na die inwerkingtreding van hierdie wet 'n ampsdraer, 'n beampte, 'n lid, 'n aktiewe ondersteuner was van 'n organisasie waarvan die beskuldigde of bedoelde party beweer word 'n ampsdraer, beampte, lid of aktiewe ondersteuner te wees of te gewees het ..
>
> (b) wat gevind is of verwyder is uit die kantoor of ander perseel wat te enige tyd voor of na die.."

HOF: Ja, ons hoef nou nie so ver te gaan nie want dit gaan oor die kwessie van lidmaatskap. So u interpretasie is as 'n man 'n lid is van die "scooter"-klub en 'n dokument is in sy besit gevind dan is die dokument onder daardie artikel toelaatbaar?

MNR JACOBS: Dit is blykbaar..

HOF: In hierdie saak, as die "scooter"-klub geaffiliëer is of as die "scooter"-klub 'n aktiewe ondersteuner is van die UDF?

MNR JACOBS: Stel dit so, gestel hierdie "scooter"-klub is nou soos die bewering is 'n lid van UDF en hy het daar in

sy / ..

sy besit ŉ dokument van UDF, dan die feit dat die dokument by hom gevind is daarop word dit toegelaat.

HOF: Nee, maar ek sê dit staan tog nie dat dit ŉ dokument is van die organisasie nie?

MNR JACOBS: Nee, maar ek noem dit as ŉ voorbeeld. Enige dokument..

HOF: Maar gestel hy het ŉ dokument wat nie van die organisasie is nie. Sê nou dit is nie ŉ UDF-dokument nie, dit is nou sommer ŉ dokument, sou dit toelaatbaar wees onder daardie artikel?

MNR JACOBS: By (c) sal dit toelaat..dit sal nie toelaatbaar wees nie, edele maar (c) is ook hier van toepassing. Dit is waarom ek sê daar is moontlikhede. Die eerste wat gevind en verwyder is, die besit, bewaring van ŉ beskuldigde of ŉ party van die geding.

HOF: Dit is maklik, daar het mens nie ŉ probleem nie.

MNR JACOBS: Dit is maklik. Wat verwyder is uit die kantoor of perseel van..wat enige tyd voor die inwerkingtreding van hierdie wet geokkupeer was; as dit in die "scooter"-klub se kantore gevind was - gestel hulle sou kantore hê - dan sou my submissie wees as dit ŉ UDF dokument is, dan sou hy toelaatbaar wees.

HOF: Maar dit is nie wat die artikel sê nie. Sê die artikel nie dat ŉ dokument wat gevind is in die perseel van ŉ organisasie waarvan die beskuldigde lid is nie?

MNR JACOBS: Dit is reg, edele.

HOF: Is dit reg? Is dit toelaatbaar?

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Nou sê u dit is een groot lidmaatskap. Gestel nou ons vat nr.19, ons aanvaar nou vir doeleindes van u argument

hy / ..

hy is lid van die UDF. Nou vind ons 'n dokument in besit van die "scooter"-klub. Daar staan niks van UDF op die dokument nie, dit is 'n dokument wat enige iemand geskryf het maar dit lê nou op die perseel van die "scooter"-klub. Sou daardie dokument dan toelaatbaar wees teen beskuldigde nr.19?

MNR JACOBS: Volgens sub-artikel (b) sou ek sê is dit nie. As dit nie daar verwys na waar jy *ex facie* die stuk self kry dat dit 'n dokument is van die organisasie nie, of van die liggaam nie.

HOF: Ja. Gaan maar voort.

MNR JACOBS: Want sub-artikel (c) is die volgende geval wat dan getoets moet word aan hierdie geval wat ek noem want daar waar dit sê dat die "scooter"-klub nou ter sprake is, as die "scooter"-klub 'n dokument gaan uitgee wat oënskynlik deur of namens 'n organisasie waarvan die beskuldigde.. beweer word 'n ampsdraer of beampte of lid word..as hulle 'n dokument gaan uitgee namens die UDF algemeen, wat die UDF bevorder dan sal hy toelaatbaar wees. Want die artikel gaan verder, dat enige so 'n dokument wat namens die organisasie opgestel of aangehou, in stand gehou word, gebruik word, uitgereik word of gepubliseer word - dit is die toetse waaraan ons die "scooter"-klub dan sal moet toets in hierdie geval. Die dokument wat hulle daarso het, was dit opgestel om die organisasie daarmee te bevoordeel of aangehou of in stand gehou of was dit gebruik vir daardie doel of uitgereik vir daardie doel of gepubliseer vir daardie doel. As dit nie aan hierdie vereistes voldoen nie en dit sal 'n mens moet kyk *ex facie* die stuk of dit die geval is. As dit nie so gesê kan word nie dan is dit nie toelaatbaar in hierdie geval nie. As dit wel so is dat dit die UDF juis bevorder of enige

iets / ..

iets van hulle doelstellings bereik of enige oogmerk van hulle selfs in hierdie geval, publiseer en bevorder, dan sal dit toelaatbaar wees. As dit - dit is ook so dat die staat het in die nadere besonderhede gegee organisasies wat geaffiliëer is met UDF. Die staat het beweer wie is die lede van die bestuurstruktuur van UDF; die staat het beweer wie is die persone in beheer van die bestuurstrukture van die organisasies. So die bewerings is gemaak dat almal saam dan die UDF vorm. En die erkennings wat beliggaam was in die BEWYSSTUKKE AS.4 en AS.6 - ekskuus, AAS.4 en AAS.6 was erken dat verskeie persone wat spesifiek genoem word is lede van die UDF en verskillende organisasies. In BEWYSSTUK AAS.2 en AAS.12 word erken welke organisasies lede van UDF was terwyl beskuldigde ook BEWYSSTUK AAS.5 en AAS.8 erken watter dokumente by watter persone of organisasies se besit of beheer gevind was. Deur hierdie erkennings word bewys dat dokumente gevind was in die besit van UDF en die lede van UDF en die beamptes van UDF. Dit voldoen aan die vereistes van artikel 246 en dit voldoen ook aan die vereistes van artikel 69(4). Die dokumente word dan toelaatbaar as bewysmateriaal om die feite soos bepaal in artikel 246(4) of in artikel 69(4) <u>prima facie</u> te bewys en dit dan, dit is ook waar die "scooter"-klub ook kan kom en sê dat al die dokumente is - 'n getuie kan kom sê maar daardie dokumente of wat in daardie dokumente staan is nie ten gunste van UDF nie, maar dit is vir hulle eie plesier of dit is 'n dokument wat iewers anderste gekry is. En daardeur word enige oogmerk van UDF in daardie dokumente en in die sameswering dan ook bewys.
Dit is ons submissie dat wanneer die lede van die organisasies die lede-organisasies van UDF-beleid en kampanjes uitvoer

hul / ..

hul in wese as lede van UDF optree en dat enige ander uitweg die bedoeling van die wetgewer in artikel 69 onsinnig sou maak. Dit is ons submissie dat dit eintlik 'n geforseerde argument is om UDF los te maak van sy lede-organisasies en om laasgenoemde los te maak van sy gesagstrukture en ook voor te stel dat deur individuele persone weg te dink. Die submissie is dat die bewerings in die akte van beskuldiging dat persone by wie dokumente gekry was, dit gaan hierso spesifiek oor die persone en in die tweede geval gaan dit oor die lede-organisasies. In hierdie geval was daar dokumente gevind by onder andere TIC, SAWU en ander organisasies wat lede van UDF is en ons sê dat hierdie dokumente wat daar gevind is en wat by lede van hierdie bestuurstrukture van hierdie organisasies gevind is, is gedek deur die akte van beskuldiging deurdat hulle daar genoem word as lede en dat dit nie so moet werk soos wat die verdediging gesê het dat daar 'n bewering moet wees dat mnr X beskuldigde moet nou lid of 'n aktiewe ondersteuner wees van die "scootervereniging" voordat dit toegelaat kan word nie want dit werk net anderste om. Al hierdie organisasies vorm eintlik die UDF.

Nou dit is ons submissie dat ook artikel 69 uitgelê was in <u>S v Mabitselo</u>

<u>HOF</u>: <u>S v Matbitselo</u>?

<u>MNR JACOBS</u>: <u>Mabitselo</u>, 1985 4 SA. Dan wil ons..

<u>HOF</u>: Watter bladsy?

<u>MNR JACOBS</u>: O, ekskuustog, edele. Dit is SA 61 (T) en dit is ons respekvolle submissie die hof het nie gehuiwer in hierdie saak om te bevind dat artikel 69(4) 'n uitbreiding is van die uitsonderings op die hoorsê en die dokumente is

toegelaat/..

toegelaat vir hul bewyswaarde van die inhoud daarvan. Die ander gesag wat ek dan net na wil verwys in hierdie geval is S v Matsipe 1962 4 SA 70 (A) en in samehang met hom ook S v Matsipe 1962 1 Prentice Hall H40, 'n Transvaalse uitspraak gewees wat in die latere Matsipe - die eerste Matsipe-verwysing was die appèlhofuitspraak op hierdie ene wat in Prentice Hall gerapporteer is. Dit is ons respekvolle submissie dat in hierdie Matsipe-saak het die appèlhof nie gehuiwer om dokumente wat op die oog af 'n ANC - ek dink dit was ANC of PAC, maar van 'n verbode organisasie toe te laat as bewys net bloot deur inhandiging nie. Dit is die uitspraak van die laer hof, in daardie geval 'n uitspraak van HIEMSTRA R dat daardie dokumente kan net deur blote voorlegging bewys-lewer van die inhoud daarvan en dit is so toegepas en nie verwerp deur die appèlhof nie. My geleerde vriend het verwys na Matsipe se saak, dit probeer onderskei, maar die feit wat ons sterk wil beklemtoon is dat in dié saak is daardie beginsel toegepas. Die hof van appèl het geen fout daarmee gevind nie. In hierdie verband ook wil ek die hof verwys na HIEMSTRA: Suid-Afrikaanse Strafprosesreg, 4de uitgawe op bladsy 540 waar dit ook nie gehuiwer word om artikel 69(4) te beskou as 'n uitsondering as gesag dat daar nog 'n uitsondering op die hoorsêgetuienisreël gemaak word en dat dié getuienis in dokumente wat volgens artikel 69(4) aangebied word, bewys bied van die inhoud van daardie dokument.

Dan wil ek graag ook die hof verwys na S.A. Criminal Law and Procedure van Lansdowne & Campbell, vol.5, bladsye 842 tot 845 en veral 844, paragraaf (c), dit is ANC dokumente edele, waar daar 'n bespreking is van hierdie twee uitsprake

van / ..

van Matsipe maar ook in hierdie gesag word daar nooit getwyfel dat artikel 69 en sy voorgangers uitsonderings bied op die hoorsêreël nie en dit verder gaan, gegaan word as net die bestaande gemene regte kodifiseer.

Ek gaan nie die ander sake wat ons in ons betoog by die ontslag gegee het, die sake van Twala en die ander nou weer aanhaal nie. Daardie sake is nog geldig hier, ons steun nog op hulle. Ons vra ook die hof om hulle in aanmerking te neem en die hele slotsom is na 'n groot aantal sake wat alreeds voor die howe gedien het oor die uitleg van die betekenis van prima facie bewys van die inhoud daarvan en al hierdie sake is dit bevind dat die bedoeling van die wetgewer is dat die dokumente wat so aangebied word prima facie bewys lewer van die inhoud van die dokumente, of van die feite wat daaruit..of dit nou die naam van 'n beskuldigde is of iets van dié aard maar dat hy definitief bewys lewer daarvan. En dit is my respekvolle betoog dat die appèlhofsaak in Matsipe waarna ons hier verwys het ook gesag bied vir die feit dat ANC-dokumente by hierdie hof ingehandig is wat deel is van die dokumente wat voor die hof is en dat ex facie daardie dokumente ingehandig is, wat ingehandig is kan die feite wat daarin weerspieël word bewys word.

'n Ander aspek waaraan ek graag aandag wil gee en kortliks op wil terugkom is die geval, ons het dit ook reeds behandel in 'n mate maar ek wil dit meer in die besonder hier behandel ten aansien van die bewyswaarde en die bewyskrag van dokumente waar daar 'n bewering van 'n sameswering is. Nou die regsbetoog wat ons reeds ingehandig het vroeër op bladsy 26 begin dit daarso en verder, edele. Nou eerstens die belangrike saak van Moumbaris and Others 1974 1 SA 681 (A) op 685 tot 687

beskou ons as belangrik en wat ook insiggewend is. Nou wat daarin gemeld en bevind word is dat eerstens die bewering van 'n sameswering en 'n gemeenskaplike doel vergroot die omvang van die toelaatbaarheid van die toelaatbare getuienis. Dit word so gestel:

> "The allegations of conspiracy and common purpose widened the ambit of initially admissible evidence."

'n Tweede aspek wat ons graag wil beklemtoon is dat as twee of meer persone by 'n gemeenskaplike onderneming betrokke is word die dade en verklarings van een van hulle in die uitvoering van die gemeenskaplike doel toelaatbaar teen die ander. Die AD stel die beginsel so:

> "When two or more persons are engaged in a common enterise, the acts and declarations of any one of them in pursuance of that common purpose are admissible against the other."

Dit is opmerklik en ek wil dit beklemtoon dat dit hoef nie 'n beleidsverklaring van 'n vereniging te wees nie.

'n Derde aspek is dat aan die einde van die saak moet die hof besluit of daar 'n gemeenskaplike onderneming was ter verwesenliking van 'n gemeenskaplike doel en of die beskuldigdes deel daarvan was. So was dit gestel:

> "At the end of the case the court has to consider whether there was a common enterprise for the alleged purpose and whether the accused were parties to it."

Dan vervolgens die dade en verklarings synde uitvoerende anders as verhalend van aard van die een samesweerder is toelaatbaar as getuienis teen die ander om die volgende te kan bewys: (a), die omvang van die gemeenskaplike onderneming of sameswering; (b), die aard of stappe geneem om

die / ..

die gemeenskaplike onderneming of sameswering uit te voer en, (b), bewys te lewer ter bevestiging van ander getuienis oor die partye wat deelgeneem het daaraan. Die bewysregtelike reël is dat die maak van uitvoerende verklarings of die dade van een van die samesweerders ter bevordering van die gesamentlike doel is toelaatbaar en bewys teen die ander samesweerders.

Die volgende punt wat ek graag wil beklemtoon is die sameswering word algemeen bewys deur afleidings wat gemaak word van sekere dade van die partye aangekla en ook uitgevoer was ter verwesenliking van kriminele doel wat hulle in gemeen het. Daar bestaan een of ander ooreenkoms tussen hulle gesien in die lig van hoe 'n sameswering bewys word is dit nie nodig om die ooreenkoms per se te bewys nie. Die ooreenkoms het drie fases: die maak of formasie daarvan, die tweede is die inwerkingstelling of uitvoering daarvan en die derde is die afhandeling of beëindiging daarvan. 'n Vervolging kan ingestel word as 'n sameswerende ooreenkoms bereik was selfs al was daar nog geen handelinge gepleeg ter uitvoering daarvan nie. Wat egter baie belangrik is, is die feit dat 'n misdaad van 'n sameswering nie tot 'n einde kom as die samesweringsooreenkoms gemaak word nie; dit is daarna nie dood nie, solank daar voortgegaan word om dit uit te voer is dit lewendig en in werking en word uitgevoer deur die samesweerders en dit beïnvloed die samesweerders se gedrag en optrede. Die sameswerende ooreenkoms hou aan om te bestaan totdat dit ten volle uitgevoer is deur die bereiking van hul finale doel of totdat dit abandoneer word of totdat dit tot einde kom vir een of ander rede. Terwyl die sameswerende ooreenkoms bestaan kan andere daarby aansluit of

andere / ..

andere mag dit verlaat. Die party wat later aansluit is eweneens skuldig. Hoedat die aanspreeklikheid van die verskillende samesweerders bepaal word, word deur die appèlhof soos volg gestel; dit is nog altyd oor hierdie saak edele van Moumbaris:

> "When considering the liability of the respective conspirators, it should be borne in mind that everything done by one of the conspirators in furtherance of the common purpose is evidence against each and all of the parties concerned, whether they are present or absent and whether or not they are individually aware of what was taking place (Taylor: Evidence, 12th edition, para. 592, page 377), and that such acts and declarations of other conspirators before any particular conspirator joined the assocation are only receivable against the latter to prove the origin, character and object of the conspiracy and his own participation therein or liability therefor and if they were not in furtherance of the common purpose (for example, were mere narratives, descriptions or admissions of past events they will not be admissible against him).."

en in hierdie verband vra ons ook die hof om te kyk na ons regsbetoog van bladsye 28 tot 32 en daar veral Cooper & Others 1976 2 SA 875 op 879 en dan ook ..dit is eintlik nie R v Cooper nie, dit is S v Cooper, en S v Twala & Others 1979 3 SA 864 op 875.

Ek wil 'n paar verdere bronne aan die hof opdra, edele, in hierdie verband en die eerste wat ek wil aanhaal, waar dit gaan oor "executive and narrative statements" is Archbald:

Criminal Pleading, 41st edition, 2 056 en subseksies 28 tot 31:

"A distinction.." (tussenbeide)

HOF: En waar kry ek hom?

MNR JACOBS: In die biblioteek, edele.

HOF: Is hy hier?

MNR JACOBS: Ja, ons het hom daar gekry.

HOF: Dankie.

MNR JACOBS: Ek haal daar 'n aanhaling uit waar hy sê:

"A distinction must be drawn between acts and declarations in pursuance of the conspiracy and acts and declarations during the period of the conspiracy but relating to matters of record or of convenience, and not in furtherance of the conspiracy."

So edele, die toets soos ek dit verstaan is word die uitlatings gemaak ter bevordering van die sameswering. As dit die geval is dan is dit uitvoerende handelinge. As dit net bloot 'n stelling is van iets wat nie die sameswering bevorder nie dan is dit nie getuienis nie.

Die tweede aanhaling is uit Pipson: On Evidence 13th edition page 111 sections 8-15 en in dié verband ook na gesag waarna hy daar verwys, dit is Engelse gesag: R v Cafferty 1867 Ir R1CL 363 ..

HOF: Wag 'n bietjie, nou maak u dit moeilik. 1867 Ir? RI?

MNR JACOBS: Ja, IR, die ander is R1 CL ...

HOF: Begin nou weer voor.

MNR JACOBS: 1867 Ir - dit is 'n hoofletter "I" en 'n klein lettertjie "r", Ierse..

HOF: Irish reports?

MNR JACOBS: Irish Reports 1 - R1 en dan CL 363. En wat

ons / ..

ons hier dink die hof mag van belang vind is die volgende aanhaling:

> " ..(?)..acts of accomplices after the arrest of a conspirator may be received if done in pursuance of prior instructions from him."

Die derde aanhaling is uit die saak waaruit ek reeds aangehaal het vroeër ter aanvang hiervan oor die gemenereg en die hoorsê, dit is R v Muller and Another 1939 AD 106 wat ek alreeds aangehaal het en op 115 verklaar WATERMEYER R:

> "An examination of textbooks shows that there is a well-recognised rule that the acts and declarations of one conspirator are admissible in the evidence against another, provided that they are performed and declarations made in furtherance of the common purpose."

en dan nog 'n saak wat ek onder hierdie omstandighede by die hof wil tuisbring is S v Niewoudt 1 1985 4 SA 503 (K) op 507D-F verklaar FRIEDMAN R:

> "Indien van Zyl onder hierdie omstandighede beskuldigde se naam genoem het, was sy uitlating mynsinsiens uitvoerend in die sin waarin die woord in die gewysdes hierbo aangehaal, gebruik word. (R v Leibbrandt & Others 1944 (AD) 253 per WATERMEYER HR op 276). Volgens die getuienis tot dusver aangevoer sou die uiteindelike koper van die gesteelde diamante 'n sleutelrol in die misdaad waarmee Van Zyl deur uitvoering van sy beweerde sameswering met die beskuldigde betrokke was, gespeel het, aangesien hy die persoon was wat vir die gesteelde diamante sou betaal het. Indien die skema alreeds afgehandel sou gewees het, sou die openbaring deur Van Zyl van die identiteit van sy medepligtige

bloot / ..

bloot verhalend gewees het."

Dan ander gesag wat ek wil aanhaal is wat ook slaan op die bewys van die sameswering, Archbald: Criminal Pleading, op 2 054, 28-29:

"Proof of a conspiracy is generally a matter of inference deduced from certain criminal acts of the parties accused, done in pursuance of an apparent criminal purpose in common between them."

en dan die volgende is daar drie sake uit die Engelse reg waaruit ek ook wil aanhaal: R v Simmonds 1969 1 QB 685 en 696; R v Murphey 1837 8 CNP 297 op 311, en dan weer ook weer 'n verwysing na Archbald: Criminal Pleading op 2 055 weer seksies 28 tot 29. Ek geen hierdie aanhaling:

"In order to convict of conspiracy, it is not necessary that the defendants should have concocted the scheme, the subject of the charge; nor that they should have originated it. If a conspiracy is formed and a person joins it afterwards he is equally guilty with the original conspirators. Some conspirators may drop out and other may join in during the course of the conspiracy, but it may nevertheless remain a single conspiracy."

Hierdie laaste aanhaling het ons goedgedink om ook aan te haal om te bewys en ook die saak wat ek nou taamlik volledig met die hof behandel het, is die argument dat die staat sou 'n bewering gemaak het dat - of hier was argumente van verskillende sameswerings wat daar beweer was en die bewering van die uiteindelike doel. Ons respekvolle betoog is dat in die besonderhede en in die akte van beskuldiging word - en ek het dit reeds netnou genoem, UDF met sy organisasies

gekoppel/..

gekoppel in 'n sameswering. Ek noem dit nou kort, UDF met sy organisasies en bestuurstrukture en so aan; dit word ook gekoppel met die ANC, die een of die ander of altwee van hierdie samesweerders maar wat belangrik is, is dat die doelstellings van hierdie sameswering en dit is wat ek eintlik op hierdie stadium net op wil klem lê is dat volgens ek die akte van beskuldiging verstaan word daar, is daar tussentydse of korttermyndoelstellings en langtermyndoelstellings. Die langtermyndoelstelling dink ek het ons duidelik gestel is die uiteindelik omverwerping van die bestaande regering deur geweld en dan die vestiging van 'n regering van die massas maar daar word ook verskeie tussentydse doelstellings ook in die verdere besonderhede en veral nadat die hof die opdrag gegee het dat ten opsigte van hierdie tussentydse doelstellings besonderhede gegee word, is dit gegee. Onder andere van hulle is dat die organisering en mobilisering van die massas, die beoefening van die kampanjes of "issues" of knelpunte, dit alles wat genoem word - ek het ongelukkig nie gisteraand die akte van beskuldiging gehad nie, ek sal vir die hof daardie bewys kry; ons gaan eintlik hierop meer volledig antwoord maar ek dink dit is net hier op hierdie stadium belangrik om dit net in kort te noem dat daar is ek dink 8 of 19 tussentydse korttermyndoelstellings genoem nadat die hof aan my opdrag gegee het dat dit gedoen word, na die bespreking waarna die verdediging so dikwels verwys het in die argument in volume C, waar ons sou gesê het die uiteindelike doel is geweldpleging. Dit is reg, dit is ons bewering in die klagstaat. Die uiteindelike doel is wel geweldpleging, maar in tussentyd, totdat daardie uiteindelike doel van geweldpleging bereik word, gaan hierdie

sameswering/..

sameswering voort; hy is nie dood nie. Ek het die gesag aangehaal. Die feit is dat alle tussentydse handelinge en tussentydse doelstellings alles is daarop gemik, op die uiteindelike doelstelling - bereiking van die uiteindelike doelstelling. En totdat daardie doelstelling bereik word gaan dit voort daarmee, so ons submissie is dat alles wat in die tussentyd gedoen en gesê word terwyl hierdie sameswering uitgevoer is, terwyl dit nie dood is nie kan dit die beskuldigdes ten laste gelê word en op die basis daarvan wat hulle ookal doen ter uitvoering hiervan, die uiteindelike bereiking van hulle doel is bewysmateriaal voor die hof en daar gaan enige verklarings van hulle van 'n uitvoerende aard of enige handelinge van hulle van uitvoerende aard om die sameswering te bevorder is bewysmateriaal voor hierdie hof, edele. Of dit nou 'n verklaring is van COSAS of 'n verklaring is van UDF self of van 'n spesifieke persoon, sê Cedric Kekana, hy is 'n spesifieke lid van 'n sameswering; hy is 'n spesifieke lid van Atteridgeville/Saulsville youth congress; hy is 'n spesifieke lid van die UDF se "education charter committee". Wat hy sê ter bevordering van hierdie sameswering en ter bevordering van die mobilisering van die mense, wat hy sê ter bevordering van die politisering van die mense om hulle te oorreed of aan te stig om uiteindelik aan geweld deel te neem, dit is 'n deel van die uitvoering van hierdie sameswering, edele. Elke een van die lede van UDF wat die kampanjes en die knelpunte wat UDF aanvaar het, uitgevoer het; alles wat hy daaromtrent - wat onderwys - wat COSAS gedoen en gesê het omtrent die uitvoering van UDF beleid wat hulle aanvaar het, dit is 'n uitvoeringshandeling. Dit is nie "narrative" nie en dit bevorder die sameswering.

Kom / ..

Kom ons vat die geval van COSAS spesifiek wat met beskuldigdes 19 en 20 onderhandel het oor die gebeure in Cradock, die dokument waarna verwys is. Die argument was gemaak gewees dit is nie 'n beleidsdokument nie, dit is voorstelle maar dit stel 'n oogmerk, edele. In die eerste instansie daar is 'n oogmerk: hoe gaan hulle die onrus wat alreeds bestaan rondom skole se probleme bevorder en uitbrei; nie om dit te demp nie. So daardie dokument is duidelik bevestiging van hoe die sameswering ook werk. Hier kom COSAS en UDF se senior uitvoerende beamptes saam en hulle beplan saam en dan stel hulle hul oogmerke: kyk, mense - en dit word gestuur aan die ander organisasies van UDF en gesê: kyk wat julle kan doen om dit te bevorder en dit is 'n oogmerk. En dit hoef nie 'n beleidsbesluit te wees nie, edele. Dit is ook 'n bevordering van die sameswering in terme van die beginsels wat die uitbreiding van bewysmateriaal volgens die sameswering, so daardie dokument kan toegelaat word op daardie basis alleen. Dit kan toegelaat word op artikel 246 dat dit 'n oogmerk van UDF is want UDF se bestuur - UDF stuur dit na sy mense, UDF en sy lede stuur dit na hul ander lede toe so dit openbaar 'n oogmerk van UDF: Kyk of julle kan die geweldpleging vererger. Dit is waarop daardie stelling neerkom. Hy aanvaar in die dokument self aanvaar hy dat daar is geweld in daardie gebied. Hulle aanvaar dat die jeug moenie daardie geweld, die voordeel wat hulle nou al het verloor nie en om te sê dit is net voorstelle, dit geld nie want dit is nie net blote voorstelle nie. Dit is uitlokking aan die mense: kyk, kan julle die geweld vererger.

As ons kyk na die dokumente wat andersins uitgegee was deur die publisiteitsorganisasies, SASPU National, Speak

en / ..

en daardie mense. Kom ons vat hulle in die tyd toe hulle nog geaffiliëer was. Deur te sê dat hulle het sukses behaal of hulle het 'n geveg gehad sê nou maar in Cradock weer tussen die skoolkinders en die polisie, die veiligheidsmagte; dit is nie "narrative" om die woord te gebruik wat algemeen aanvaarbaar is nie; dit is nie verhalend nie, met ander woorde my submissie is dat daardie dokument word uitgegee in die hele sin van die vryheidstryd. Dit gaan in die hele sin van mobilisering, om die mense te kry: kyk, die mense gaan aan en die mense is besig om die vryheidstryd te veg daarso in Cradock. Dit is aanmoediging vir ander mense, dit is nie narrative nie. Na die tydperk het hulle nog steeds voortgegaan, die tydperk nadat hulle opgehou het om geaffiliëerdes te wees. Ons het in BEWYSSTUK 26 dat, blyk dit duidelik dat van hierdie organisasies onder andere SASPU National gereeld nog die UDF vergaderings bygewoon het. Hulle het gereël die UDF se mense soos beskuldigdes 19 en 20, Frank Chikane, het hulle aangehaal wat hulle gesê het. Dit is die boodskap wat hulle oorgebring het aan die gemeenskappe daar. So my respekvolle betoog is dat ten minste onder artikel 246 word daardie dokumente toelaatbaar teen die samesweerders. Onder artikel 69(4) van die veiligheidswet word daardie dokumente prima facie bewys en kragtens die gereg rakende sameswerings word al - is omtrent al hierdie dokumente wat enige oogmerk het en wat nie verhalend van aard is nie, is toelaatbaar as getuienis waar dit aangebied word juis met die doel om mense te mobiliseer en te betrek.

Wat artikel 69(4) betref, die hof sal in hierdie saak moet die geheel van die artikel en elkeen van die subartikels in die geheel moet interpreteer. Nou die hof

sal / ..

sal moet betekenis probeer gee, ekskuus edele, nie probeer gee nie, die hof sal in hierdie geval spesifiek betekenis moet gee aan die gedagtes wat hier uitgespreek is van 'n dokument wat oënskynlik deur of namens 'n organisasie waarvan die beskuldigde of bedoelde party beweer word 'n ampsdraer is, so in dié geval sal u moet bevind of dokumente wat op die oog af uitgegee is deur UDF en die bewering is daar dat die beskuldigdes voor die hof is lede van die UDF of aktiewe .. of sulke dokumente gehou was of aangehou was of opgestel was, en ons submissie is dat hierdie dokumente wat juis gekry was by die kantore van UDF, al die dokumente gekry in die kantore van UDF was gehou of was opgestel of was in stand gehou of gebruik of gepubliseer en niks in hierdie artikel wat enigsins meld dat hierdie dokumente vir eers voor 'n bestuur of die beleidmakende liggaam van UDF gelê word voordat die hof daarna kan kyk nie. Ek het dit reeds vroeër probeer uitlig ten aansien van artikel 246 en dit is my submissie dat daardie selfde beginsel geld ook hier, edele. So my submissie aan u is dat volgens die wettereg en die gemenereg rakende sameswerings dat die dokumente wel toelaatbaar is en dat in ons respekvolle submissie dit die getuieniswaarde bied soos in die wettereg bepaal of in die gemenereg bepaal. En dat as 'n geval waarin 'n medepligtige net die naam van sy medepligtige verskaf wys dit dit gaan baie dieper as bloot net die verklaring of mededeling in die dokumente, net sou gaan om te sê dat iemand sou gesê het.

Ons submissie is byvoorbeeld in die geval van die notules van die vergaderings van UDF se verskillende streke of in die nasionale uitvoerende komitee dat daardie dokumente word bewys <u>prima facie</u>, <u>ex facie</u> die stuk dat dit die notules

is / ..

is van daardie vergaderings van UDF se organisasies, en nie soos my geleerde vriend geargumenteer het dat die notules net bewyslewer van dat iemand so 'n notule opgestel het en dit gesê het nie. En dan wil ek die hof se aandag op 'n baie interessante verskynsel vestig wat ek opgemerk het terwyl my geleerde vriende geargumenteer het. Ek sou die aspek graag ook meer vir die hof die bewysplase wou gevind het, dit is waarom ons meer tyd gevra het, maar ek moet dit hier noem. U sal onthou dat heel dikwels is daar na dokumente verwys wat aan die een kant, as 'n mens die algemene argument aanvaar dat aan die een kant nie toelaatbaar is om enige feite te bewys nie behalwe dat so 'n dokument uitgegee was, het my geleerde vriende op heelwat van hierdie dokumente gesteun om feite te bewys wat in daardie dokumente gestaan het om hulle argument te staaf. 'n Mens kan sekerlik nie gaan argumenteer aan die een kant dit moet so wees en aan die ander kant kom en sê dat hy steun nou op daardie dokument om sy argument te staaf nie.

Ons submissie is dan dat die dokumente soos ingehandig by hierdie hof, waar hulle voldoen aan die vereistes van óf die gemenereg óf die vereistes gestel in die artikels ter sprake dat hulle wel toelaatbaar is as bewys, as bewysmateriaal en dat hulle bewys óf oogmerke in die geval van artikel 246 óf die gebeure op 'n vergadering, op die vergaderings kragtens artikel 246 óf die ander bewys kragtens artikel 69(4), as bewys van die waarheid van die inhoud daarvan.

Ek wil gaan vervolgens na die getuies toe, die vier getuies wat hier getuig het. Nou as agtergrond, of sal ek sê die vier getuies wat die hof uitgesonder het aan my gister, edele. As agtergrond vir hierdie aspek wil ek

eerstens/..

eerstens die volgende onder die hof se aandag bring, dat vanaf 3 September 1984 was daar ŉ chaotiese toestand in die Vaaldriehoek gewees. Dit het ook tevoorskyn gekom gedurende die getuienis dat toe die onluste uitgebreek het, is polisie van verskeie takke en eenhede aangewend om die onluste te onderdruk. Verdagtes was grootskaals deur hierdie eenhede, takke en afdelings geärresteer en aangehou. Hierdie aangehoudenes was uit die aard van die saak gewaarsku en verklarings is van hulle geneem wat hulle moes gemaak het en vele van die aangehoudenes was na ondervraging weer vrygelaat. Baie van die aangehoudenes was nooit deur die ondersoekspan in hierdie saak gesien of mee gepraat nie en het hulle geen kennis gedra van die verklarings of die bestaan daarvan van hierdie mense wat op grootskool verklarings gemaak het nie. Hierdie ondervragings was toegespits op die ondersoek van spesifieke sake of insidente of om inligting in te samel of van ŉ hele ander menige individuele voorvalle en insidente, en hierdie ondervragings was gedoen deur mense wat nie teenwoordig was sekerlik by die arrestasies of die voorvalle nie en mens kan aanvaar dat letterlik honderde verklarings was geneem wat nooit deel van hierdie saak se dossier uitgemaak het nie en wat nooit tot die kennis van die ondersoekers van hierdie saak gekom het nie. Die gekoördineerde ondersoek van hierdie saak het eers heelwat later na die onluste in ŉ spesifieke rigting begin beweeg en heel aan die begin was dit alles net chaoties. En die erkennings is ook dat die geweld het aangehou tot die einde van September.

<u>HOF</u>: Einde van September?

<u>MNR JACOBS</u>: 1984. Ons kan net sekermaak die erkenning wat hy presies lees. Dan eerstens wil ek nou gaan

spesifiek / ..

spesifiek na die geval en algemene omstandighede rakende Rina Mokoena - ek sal nou vir die hof die erkenning gee as ek hom kry, edele. Mnr Fick soek hom in die tussentyd. Die BEWYSSTUK is AS.1, ek sal net kyk die bladsy en presies wat is die erkenning. Dit is Bylae F. Dit is blykbaar 30 September - van 3 September tot 30 September 1984. Wat Rina Mokoena betref, die omstandighede wat haar omring, die staat was slegs in besit van 'n enkele verklaring van Rina Mokoena gedateer Junie 1985. Die staat weet nie wat die aard of vorm van haar beweerde eerste verklaring was of deur wie dit geneem was nie. Dit was ook nie deel van die staat se opdrag nie. Al wat die staat weet en wat die agbare hof ook weet is dat hierdie getuie beweer dat sy twee verklarings gemaak het. Die staat weet ook nie dat die getuie nie self kan sê - die staat weet ook dat die getuie self nie kan sê of onthou wat sy in haar eerste verklaring gesê het nie en sy het daarin niks gemeld wat sy in haar tweede verklaring gesê het nie - dat sy ook nie kan sê of sy daarin iets gemeld het wat sy in haar tweede verklaring gesê het nie. Dit is volume 38, 1 747. Onder kruisverhoor wyk sy van haar hoofgetuienis af deur toe te gee dat niemand op die oggendvergadering van 26/08/84 geweld gepredik het nie. Dit verskyn in volume 38, bladsy 1 754. Later in kruisondervraging herbevestig sy haar hoofgetuienis deur te sê en te beweer dat geweld wel gepredik was. Volume 38, 1 758 tot 1 759 en 1 765. Dit het gedurende haar getuienislewering geblyk dat hierdie getuie 'n baie verwarde persoon was, dikwels moes vrae aan haar herhaal word.

Nou getuie IC.8, hy was aanvanklik gedurende Oktober 1984 vir een week aangehou, oor die moord op Caesar Motjeane

ondervra /..

ondervra terwyl hy ingevolge artikel 29 aangehou was. Tydens hierdie tydstip het hy geen skriftelike verklaring gemaak nie en dit is volume 21, bladsy 972-3. Onbekende polisiebeamptes het hom ook ondervra en aangerand. Volume 20, bladsy 950. Ongeveer drie weke later in November 1984 was hy weer ondervra vir een dag. Hy was toe nie in aanhouding nie. Volume 21, bladsy 974/5. Op hierdie geleentheid het hy nie sy verklaring geteken nie. Vol.21, 994. Dan het hy getuig verder dat gedurende Desember 1984 het die getuie toe uitgebrei op sy ongetekende verklaring en dit toe onderteken en hy was aangehou kragtens artikel 31. Volume 22, bladsy 979 tot 980. Dit is die verklaring waaroor die staat beskik het en waarvandaan sy getuienis gelei was.

Nou die hof se opsomming van die gebeure rondom die verklaring is met respek korrek en in dié respek word verwys na bladsy 1 024. Ek is nie seker van die volume nie, ek het dit nie gehad nie maar ek dink dit was 22.

Nou getuie Mahlatsi was aangehou op 18 Desember 1984. Volume 41, bladsy 1 974. Die getuie kon nie onthou het wanneer hy sy verklaring geteken het nie. Volume 41, blaldsy 1 975 Soverhy kon onthou was dit ongeveer 3 of 4 dae na sy aanhouding. Volume 41, 1 976. Nadat hy die verklaring gemaak het het sekere dinge hom gepla en hy wou dit opklaar en het versoek om die persoon te spreek wat sy verklaring geneem het. Volume 41, bladsy 1 976. Hy het gedink dit was twee dae nadat hy sy eerste verklaring geteken het steeds in Desember, volume 41, 1976. Gevolglik het hy 'n verdere verklaring gemaak. Behalwe vir hierdie twee verklarings het hy ook nog gekonsulteer met die staat. Volume 41, bladsy 1 976/7. Die getuie sê sy gewete het hom gepla omdat hy sekere dinge nie

gemeld / ..

gemeld het toe hy sy eerste verklaring gemaak het nie en in sy eerste verklaring het hy nie gemeld wat Esau Raditsela gesê het omtrent geweld op die oggend van 3 September 1984 nie. Volume 41, bladsy 1 978. Verder het hy uit sy eerste verklaring gelaat dat hy op 3 September deelgeneem het aan die mars en gebeure by die kerk omdat hy gesê het sy vrou was siek. Volume 41, blaldsy 1 979 tot 1 980 en vol.42 bladsy 1 992. Hy het ook nie in sy eerste verklaring gemeld dat Rina Mokoena op 26/08/84 gesê het raadslede moet gedood word nie. Volume 42, bladsy 1 996. En dit blyk dat hierdie twee verklarings was geteken op 23 Desember 1984 en toe weer op 11 Januarie 1985.

Nou wat mev Smith aanbetref, die eerste feit is die staat het oor 'n baie kort en bondige verklaring van mev . Smith beskik. Tydens konsultasie was die getuie baie vaag en kon nie uitbrei op haar verklaring nie en was onwillig om vir die staat te getuig. Die staat het besluit om haar onder omstandighede nie te roep as getuie nie. In kruisondervraging kon haar verklaring nie aan haar gestel word nie omdat dit nie gesê kon word sy het afgewyk van haar verklaring nie want dit het nie al die besonderhede bevat wat in haar getuienis openbaar was nie.

Nou ten aansien van getuie IC.8 wil die staat die volgende ter oorweging aan die hof voorlê, dat ten aansien van IC.8 het die staat volgens die staat se opdrag slegs oor die verklaring soos uitgebrei beskik. Wesenlik het IC.8 volgens hierdie verklaring getuig en was daar geen wesenlike afwyking nie. Dit is ons submissie daar het ook plig op die staat gerus om onder hierdie omstandighede hierdie verklaring by die hof in te handig nie en is ons respekvolle submissie

dat die verdediging het ook nie gevra vir hierdie verklaring nie. Dit moes 'n aansoek gewees het want onder die omstandighede van getuienislewering was daar nie 'n afwyking nie en die staat sou dit beslis teengestaan het en sou daar 'n beslissing moes gewees het van die hof. Nou ten aansien van Mahlatsi het hy op sy eie versoek 'n tweede verklaring gemaak wat sy eerste verklaring regstel. Die verklaring was verder uitgebrei deur konsultasie. In sy getuienis het die getuie nie afgewyk van sy opdrag nie en het getuig ooreenkomstig sy reggestelde verklaring en konsultasie. Dit kan met respek nie beskou word as 'n geval waar die getuie in 'n hof kom en wesenlik afwyk van sy vorige opdragte nie, terwyl hy besig is om sy getuienis te lewer nie. Hy het in elk geval hier vir die hof openlik en eerlik gesê wat in sy verklaring staan. Die getuie het aan die hof 'n redelike verduideliking verskaf naamlik dat hy verward en bang was om sy aandeel aan die opmars te erken omdat mense gedood is.

Ons wil na sekere gesag verwys in hierdie verband..

HOF: Voor ons by die gesag kom, dit is Xaba se saak. Die stelling is gemaak dat dit duidelik is dat hierdie getuies of van die getuies, nie almal nie, van die getuies afgewyk het van hulle verklarings want as 'n mens kyk na die akte van beskuldiging en besonderhede en jy vergelyk dit met die getuienis dan is daar baie ernstige bewerings in die getuienis as wat daar in die akte van beskuldiging bestaan. Daarom sê die verdediging, lei hulle daarvan af dat daar 'n wesenlike afwyking is van die verklaring vanaf wat hulle oorspronklik aan die staat vertel het en gevolglik is dit 'n verklaring wat geopenbaar moes gewees het. Dit is soos ek die betoog verstaan het. Wat sê u op daardie gedagte-

rigting/..

rigting?

MNR JACOBS: Die posisie wat ontstaan het is dat die..

HOF: Ek dink ons sal eers die verdaging neem dan kan u dit na ete verduidelik.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE / DIE HOF HERVAT

K1550 MNR JACOBS: Edele, ek verstaan net by my geleerde kollegas dat toe ek Rina Mokoena se agtergrondfeite gegee het, die eerste punt wat ek gemaak het dat die staats slegs in besit was van 'n enkel verklaring van Rina Mokoena en dat ek daar gesê het dit is gedateer Junie 1985..

HOF: Ekskuus? Junie 1985, ja.

MNR JACOBS: Dit is eintlik Julie.

HOF: Julie 1985.

MNR JACOBS: Ja, in verband met die feit dat die bewerings nie in die akte van beskuldiging genoem was nie, die eerste aspek wat ek graag aan die hof wil opdra is dat toe die klagstaat opgestel was, was daar groot druk uitgeoefen want binne ses maande moes die akte van beskuldiging uitgekom het en dit is tussen Februarie en Julie 1985. Die tweede aspek en probleem waarmee die staat te doen gehad het was dat die getuies van wie verklarings geneem was, was almal bang gewees; hulle wou nie getuig nie, hulle was onwillig en was bevrees gewees vir hulle lewens as hulle sou getuig. En hierdie onwilligheid het ook enduit geduur, ons moes heelwat van hulle maar los en nie roep as getuies nie. Daar was ook van die getuies wat die staat destyds as moontlike getuies gehad het wat verteenwoordig was reeds al op daardie stadium deur van die opdraggewende prokureurs in hierdie staat. Terwyl hulle in aanhouding was onder artikel 31 was daar skrywes gerig aan die staat omtrent hulle deur die

opdraggewende/..

opdraggewende prokureurs dat hulle sou optree namens daardie getuies. Van die getuies van wie die staat oor verklarings beskik het kon nie opgespoor word wat nie in aanhouding was nie, hulle het eintlik gevlug weens hulle vrees en gaan wegkruip. Die staat het ook in aanmerking geneem met al hierdie probleme dat daar kon ook nie vooraf gekonsulteer word met al hierdie getuies nie weens drukte van die tyd en ons het gereken om nie hierdie bewering te maak nie, sou die staat niks verloor nie want dit kan - as die staat daardie getuies op die ou end kon kry om te getuie dan kon hulle in hul getuienis openbaar en dit was nie volgens ons mening so noodsaaklik om dit in die akte van beskuldiging te beweer nie. Dit kon aangevul word deur die getuienis. Dit is ons submissie dat nie elke feit waaroor die staat beskik het in die akte van beskuldiging genoem moes word nie. Daar het ook 'n mate van onsekerheid bestaan of ons so 'n bewering moet maak want ons het beskik oor die feit dat Mahlatsi aanvanklik gesê het dat hy nie op die 3de daar was nie; dit het onsekerheid meegebring. Inagnemende hierdie feite en die probleme waarmee daar te kampe was op daardie stadium was dit die besluit om nie die bewering in die akte van beskuldiging op te neem nie. En as ons later met die getuie konsulteer en kry wie bereid sou wees om te getuie om dan die getuies mee te konsulteer en uit te vind wat is die ware toedrag van sake en dan hul getuienis te lei.

Oor die algemeen was dit die ondervinding dat die getuies omdat hulle so bevrees was hul huiwerig was om met die feite uit te kom. So ons respekvolle submissie is dat voordat die getuies in die hof getuig het was hulle opdrag aan ons gewees dit wat ons gelei het en dat hulle het nie

in daardie sin afgewyk van hul opdrag nie. En dit is ons respekvolle submissie dat dit nie nodig was om die verklarings onder daardie omstandighede in te handig nie want die getuie het openlik in die hof kom getuig dat hy eers 'n ander verklaring gemaak het spesifiek oor 3 September en dat hy dit toe verander het. Nooit geprobeer om dit weg te steek nie, edele. Ek kan net vir die hof die gesag gee waarop ek dit - ek gaan dit nie behandel nie, waarop die staat dan ook steun - R v Steyn 1954 1 SA 324 (A) op 335G en daaropvolgend en ook 337A-B. Dit is ons submissie dat hierdie saak het ook toepassing hier in die opsig dat daar nie 'n absolute verpligting op die staat rus as 'n getuie vooraf sy opdrag aan die staat, as hy dit verander het om in so 'n geval dit uit te bring nie. Die feit was uitgebring maar dit was nie nodig om sy verklaring dan beskikbaar te stel nie en ons submissie is dat toehy ingekom het in die getuiebank het hy gekom en sy getuienis gelewer ooreenkomstig sy opdrag en hy het nie in die getuiebank afgewyk van sy opdrag nie. Hy het afgewyk van 'n verklaring wat hy opgeklaar het in konsultasie voor die tyd. Dit was ook reeds bekend..

HOF: As u nou praat van opdrag, wie se opdrag?

MNR JACOBS: Getuie se opdrag of sy feite.

HOF: U bedoel sy verklaring?

MNR JACOBS: Sy verklaring. Ons kan die hof ook verwys na Ex parte Minister of Justice in re S v Wagner 1965 4 SA 507 (A) per RUMPFF AR veral op 515A-B waar daar staan, ek haal net 'n kort deeltjie aan:

> "Wanneer 'n ernstige teenstrydigheid tussen getuieverklaring en die getuie se getuienis in die hof aan hom bekend word.."

Nou ons submissie was en ons beskouing van die saak was dat die getuieverklaring wat hy aanvanklik gemaak het, het hy reggestel vanself en onder daardie omstandighede was dit nie nodig om die verklaring in te handig nie, dat daar 'n grondige rede was waarom dit nie gedoen hoef te word nie en in aanmerking geneem die feit dat die getuie dit nie vir die hof weggesteek het nie. Dan is daar die saak van S v Xaba 1983 3 SA 717 (A) op 728H en 729A, en dan ook S v Ramovka en 'n Ander 1986 1 SA 690 (A) - ekskuus, kan die hof net 'n oomblik - Edele, om saam te vat uit die sake van Steyn en Wagner is daar spesiale omstandighede waar die staat nie die verklaring hoef in te handig nie en ons voer aan onder hierdie omstandighede waar 'n getuie vooraf sy verklaring voordat hy na die hof toe gekom het, reggestel het, dat dit nie so 'n geval is nie. Daar word ook ander omstandighede in hierdie gewysdes genoem van die mense wat die verklaring geneem het op die stadium wat die verklaring geneem nie die diepgaande kennis gehad het van wat later belangrik sou wees en wat nie belangrik sou wees nie; dit is ook 'n omstandigheid hierdie. Dankie, edele.

COURT: Mr Bizos?

MR BIZOS: Would your lordship allow me to address four sentences to your lordship in relation to the matter that your lordship asked to be dealt with by counsel for the state in relation to the statements?

COURT: Yes.

MR BIZOS: The first is that our silence whilst ex parte statements were being made by counsel for the state are not to be construed as an acquiescence of the correctness of the facts that he made to your lordship ex parte. We submit

with the greatest of respect that your lordship will decide this matter on the record. The next matter that I want to say is the case of Steyn has been completely misunderstood and on his own statements Mr Jacobs does not apparently understand the nature of the duty of a prosecutor in terms of that judgment. It is not for us to ask for a statement; indeed it may even be construed as some sort of insult to a senior prosecutor to ask him to do his duty. He is supposed to know it better than anyone else, but he says in any event even if we did ask him he would have refused and then it would have been for your lordship to decide. Steyn's case is authority for the proposition that the court and I think it was your lordship who said, I do not remember whether your lordship said it - it is not a matter that your lordship could have done anything about. Steyn's case is clear, clear authority that it is not a matter for the court as to whether a statement should be exhibited. The court cannot even be approached in relation to that, it is left entirely to the good faith of the prosecutor. And in any event a final thing that I want to say, that it is not correct that a witness voluntarily mentions that he..

COURT: That is now Mahlatsi?

MR BIZOS: Mahlatsi. It had to be extracted from him in cross-examination and we submit that your lordship at this stage will decide the matter on the record and I think I have had an opportunity to make submissions to your lordship in that regard. My learned friend Mr Chaskalson wants to..

MR CHASKALSON: In regard to the rest of the proceedings your lordship will be fixing a date for remand.

COURT: Yes, it is a question of the dog chasing his tail

because / ..

because if you let me wait too long I cannot fix a date.

MR CHASKALSON: Well, I thought that I should bring to your lordship's attention some facts which I would ask your lordship to bear in mind when considering the date of the remand, and I realise and I say this obviously the demands of the court will take precedence over anything else but if it is of no moment in relation to time I think I should tell your lordship that a number of the accused have examinations to write during the period 21 - during the period 19 October to 14 November and I mention it only in case the dates approximate the beginning or the end of that period, so that your lordship may want to take those dates into account before fixing a date for remand.

COURT: Could we just do first things first? When can I have your written submissions?

MR CHASKALSON: Perhaps I should indicate clearly again so that there shouldn't be any misunderstanding about where we are in relation to those submissions m'lord. We have so far replied to volumes 1, 2 and part of volume 3 of the "betoog" and we have also replied to the handwritten submissions on the position of each of the accused and we have dealt with the law. So that means that there are of course still certain matters arising out of our reply to volumes 1, 2 and 3 and the case against each of the accused which we have been required to reduce to writing in order to meet your lordship's time limits, we have to do that. But we haven't yet dealt with volumes - with part of volume 3 and save for the argument of Mr Yacoob on Tembisa we have not responded at all to volumes 4, 5, 6 and 7 of the "betoog" so there is approximately 60% of the "betoog" that we still have to

deal / ..

deal with. Now I think we have made it clear to your lordship our position in regard to written argument and though we do not with respect accept that we should be or can be required to forego the right of oral argument, we will have no choice other than to comply with your lordship's ruling and we do not want to leave the case largely unanswered. So what we intend to do in order to minimise any prejudice is to put into writing our answer to those portions of the "betoog" that have not yet been dealt with. A lot of that material is ready, not in a final written form but it is ready in the sense that it could have been delivered. We think that we have got to reduce it now, incorporate our attitude to parts of the state's argument and then we have to check the correctness of everything which we have put into writing. We think that we need ten days to two weeks to do that. We think it van be done in that period and indeed we can even send instalments through when a particular section is completed.

<u>COURT</u>: I would appreciate instalments. It is very difficult to gauge how long you will work on a judgment if you do not have all the material in. It makes it very awkward and I had in mind fixing a provisional date upon which, or sort of a provisional deadline in an attempt to reach that deadline but without any promises and if I cannot have the judgment - I and my learned assessor cannot have the judgment completed by that date we will fix another date but I think that is the only proper way of doing it. One can be very safe and take months and months and months but that would not be fair to all concerned.

<u>MR CHASKALSON</u>: No, I appreciate that m'lord. That is why I say to your lordship we will try to let you have it in

instalments from now onwards, as we proofread, checked, corrected and are satisfied that it is accurate we will send it through.

COURT: Well, can we arrange then that you will give me half within a week and the other half within two weeks?

MR CHASKALSON: Yes, m'lord.

COURT: Would that suit you?

MR CHASKALSON: Yes, but I must make one thing clear to your lordship and that is as far as - I am dealing now with the "betoog". There has been a reference to another thousand pages which was put up at the end of the state case. Now other than the law we have not dealt with that at all and we have thought about that and we do not believe that that is a serious attempt on the part of the state to present argument on the issues in this case because it ignores the entire defence case; it ignores the issues of admissibility of evidence in law which have emerged since then and we do not believe that we are obliged to speculate as to what portions of that argument are being persisted in, in what form, what the state's answer is to particular parts of that, that we have addressed ourselves. Our position at the moment is that we do not believe that we have any obligation to deal with that in writing and save for saying that we do not accept the correctness and accuracy of anything contained in those thousand pages we will refrain from dealing with them unless your lordship, there are specific issues upon which your lordship asks to hear us. It is an impossible task, it could take a lot longer than two weeks if we were to..

COURT: Do you mean the red books that were handed in ..

MR CHASKALSON: Those were the original thousand pages..

COURT: ..originally when you argued the matter at the discharge stage?

MR CHASKALSON: Yes.

COURT: Well, those documents are before court. You have addressed me on their admissibility. You did then address me on their contents and on the meaning thereof. I have my notes, I think it is typed as well so I do not think that there will be anything that I will call you on specifically.

MR CHASKALSON: No, I merely want to explain..

COURT: But if there is anything that you specifically want to answer you are welcome to do it.

MR CHASKALSON: I appreciate that m'lord, I wanted your lordship to understand our position in relation to those thousand pages, not to understand how we see it. But I think the "betoog" is really what we are called upon to deal with and that we will make sure that we answer everything in the "betoog".

COURT: Well, I do not think that was the way it was intended by the state. I think you must take those books to be part of it but I think much of that is included in your admissibility arguments and your general arguments and your arguments you delivered at the discharge stage, which aren't lost.

MR CHASKALSON: No, I appreciate that. What I am saying to your lordship now is that we will deal with the "betoog" - it is an impossible task for us to go to a document which is prepared eighteen months before the case closed and treat that as a closing argument because what we would have to do is we would have to then settle down with each of the documents, try and trade it through the evidence, see how it has been

dealt with in the evidence, see what has happened in regard to it and that is really we suggest not for us to do it, it is for the state to do that and we must not spell out on that what we think the state's argument on that might be and what its contentions might be. That is our position, I would not like to be misunderstood in relation to it. I am not going to ask your lordship for the time that it would take to do that, because it will be an impossible task. We think that the state's argument is crystallised in the "betoog"; we will put forward our answer to that "betoog".

COURT: Now there is one more matter Mr Chaskalson. Who writes exams on 14 November?

MR CHASKALSON: Mr Ratsomo has an exam on 14 November. He is doing a Bachelor of Arts degree and his last exam is on 14 November.

HOF: Mnr Jacobs, wanneer kan ons daardie skriftelike dokument van u verwag? Binne ŉ week?

MNR JACOBS: Binne ŉ week, edele. Sal ons dit deur u klerk net by u aflewer?

HOF: Ja, u kan net eenvoudig my klerk bel en hom sê dat dit gereed is dan kan hy dit maar kom haal, of anders lewer deur middel van ŉ klerk. Dit maak nie saak nie. U kan dit ook aflewer aan mnr Krugel en hy sal dit ook aan my besorg.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag.

HOF: Op enige manier wat u wil.

MR CHASKALSON: M'lord, where should we deliver? I was not concentrating - where should we deliver our instalments of the argument - is it Mr Krugel and yourself?

COURT: Any way you like as long as it reaches me.

MR CHASKALSON: Well, yes, but I want to make sure it

does. Should we deliver it to the registrar, should we deliver it to Mr Krugel?

COURT: I think it would be best if it is delivered either to Mr Krugel or to my home. It would be safest.

MR CHASKALSON: To your home? Well, we will arrange and if we were to have an - can we establish through your lordship's registrar the address to which we should deliver it for Mr Krugel and..

COURT: Your present attorneys here know the address..

MR CHASKALSON: Oh well, then I do not need to trouble you. Then we will see to it that one copy is delivered to each of you, personally.

COURT: They have been there often enough.

MR CHASKALSON: We will deliver it. We will see that it is done.

COURT: Thank you. As I undertook to do, we fix a provisional date for judgment. We will undertake to do our best to deliver judgment on that day, we can make no promises. The case is remanded to 15 NOVEMBER 1988 at 10h00 here in this court.

THE COURT ADJOURNS.

TRANSCRIBER'S CERTIFICATE

I, the undersigned, hereby certify that the aforegoing is a true and correct transcription of the proceedings recorded by means of a mechanical recorder in the matter of:

THE STATE v BALEKA AND OTHERS

CASE NO: CC 482/85

TRANSCRIBER:

LUBBE RECORDINGS

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-K02-02-03-459**
*Document Title:-* **Vol.459**